# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

## (TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

L2.9 Vol 217 p 11456-11520

SAAKNOMMER: CC 482/85 DELMAS

1987-05-13

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST E[N]
ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 217

(Bladsye 11 456 - 11 520)

HOF HERVAT OP 13 MEI 1987.

SEKWATI JOHN MOKOENA, v.o.e. (Deur tolk)

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM : U Edele, al die beskuldigdes is teenwoordig. Mnr. Mokoena, die laaste vraag wat ek u gistermiddag gevra het was of die Liberation Struggle teen die Staat as deel van apartheid gevoer word en die antwoord was nee. -- Ja, dit was my antwoord gewees, want wat ek verstaan het op die vraag was dat die Liberation Struggle is teen die Staat.

Wat sê u teen wie is die Liberation Struggle? -- Dit is teen die apartheidsbeleid.

HOF : As die ANC die Liberation Struggle voer, teen wie voer hulle die "struggle"?-- Ek weet nie, maar ek aanvaar dat dit ook teen die apartheidsbeleid is.

MNR. HANEKOM : Apartheid is tog 'n relatiewe begrip. Teen wie word die stryd gevoer? Hoe voer 'n mens die stryd teen apartheid? -- Ons is nie teen iemand nie. Ons is nie teen die Staat nie. Ons is nie teen Witmense nie, maar ons is teen die apartheidsbeleid.

Wie is verantwoordelik vir die apartheidsbeleid? Wie voer die beleid uit? -- Ongelukkig word dit deur die Blankepersone of die Witmense van die land uitgevoer, maar dit beteken nie dat ons nou teen hulle is nie. Ons is teen die beleid apartheid self.

Hoe het u verstaan hoe voer UDF sy stryd teen die beleid van apartheid? -- Dit is om te protesteer teen die beleid.

Ek wil u weer verwys na BEWYSSTUK A1.

HOF : Gaan u nou met my debatteer wat die UDF gedoen het? Ons het nog nie vasgestel dat hierdie getuie "'n lid" was van UDF nie.

MNR. HANEKOM : Ek gaan nie lank daarby stilstaan nie. Ek wil net toets, die getuie was wel aktief in UDF se aktiwiteite en hoe hy dit gesien het. In die lig van sy getuienis dat hy UDF ondersteun en dat hy hulle aktiwiteite ondersteun. Ek verwys weer na bladsy 5 van A1. Na die derde paragraaf op bladsy 5 van A1 staan in vetletters gedruk "We know that apartheid will continue." -- Ja, ek sien dit.

Soos ons gister vir u gewees het in die middel van die bladsy sê UDF dat hulle hulleself verbind "To fight for freedom." Hoe het u verstaan hoe veg hulle vir vryheid as hulle weet apartheid sal bly voortbestaan? -- My verstaan van hierdie woorde "We know apartheid will continue" is gemik op die New Deal en die nuwe konstitusie asook die Koornhof Bills. Dit beteken as gevolg daarvan het hulle gesê dat hulle weet dit sal aangaan, want dit waarna ek nou net verwys het, die Koornhof Bills en die nuwe konstitusie is bedoel vir die uitvoering van die apartheidsbeleid. U het my verwys na ŉ paragraaf of ŉ gedeelte in die middel van die bladsy waar dit sê "Fight for the freedom". Was dit op dieselfde bladsy?

Dit is reg. -- Hierby verstaan ek dat hulle voort sal gaan om te protesteer teen die beleid van apartheid deur volgens my, die gebruik van die "million" handtekeninge kampanje. Dit is die manier waarop hulle die apartheid teengestaan het.

Kyk asseblief in dieselfde BEWYSSTUK A1 na bladsy 50. Dit is ŉ teks van ŉ toespraak wat Allan Boesak gelewer het by die stigting van UDF. -- Ja, dit lyk so.

Op bladsy 50 in die tweede kolom die laaste sin lees "So, our struggle is not only against the White government

and/...

and their plans but also against those in the Black community who through their collaboration seek to give credibility to these plans." Sien u dit? -- Ja, ek sien dit.

Stem u saam of is u deel van die stryd waarvan dr. Boesak sê dit is onder andere teen die"White Government and their plans"? -- Soos ek alreeds vroeër gesê het, na ek hierdie dokument bekom het, het ek dit nie bestudeer nie, maar net deurgelees. Met hierdie uittreksel wat deur die Staat gemaak word verstaan ek dat volgens Boesak hy teen die beleid van die Staat is en die Witpersone wat besig is om die apartheids-beleid uit te voer. Dit wil sê met die Staat verwys ek na die beleid van die Regering met betrekking tot die apartheid.

Beskou u u as deel van die "struggle" teen die "White Government"? -- Ek neem deel teen die beleid van die apartheid.

Die vraag is nie of u deelneem in die stryd teen apartheid nie, maar ek vra vir u vereenselwig u u met die stryd teen die "White Government"? Ja, ek antwoord mos op die vraag deur te sê ek vereenselwig myself teen die beleid van die apartheid.

Die verwysing in die teks na "Those in the Black community who through their collaboration seek to give credibility to these plans", hoe verstaan u dit? Na wie verwys dit? -- Dit verstaan ek dat dit beteken dat sulke mense "discourage" moet word.

Maar wie is die mense? Wie is die mense in die "Black community"? -- Ek verstaan dat dit beteken die persone wat die beleid van apartheid ondersteun.

Sluit u daarby in die raadslede, die Swartraadslede? -- Ek verstaan dit om te verwys na almal wat die apartheidsbeleid ondersteun.

HOF : Ja, maar die vraag is, beskou u hulle as ondersteuners van die apartheidsbeleid? -- Ek beskou hulle as mense wat besig is om te help met die uitvoering van die apartheidsbeleid.

MNR. HANEKOM : Sluit u ook in Swartmense in die gewapende magte en in die Polisie en in die Weermag? -- Nee.

Hoekom sluit u hulle uit? -- Dit is omdat hulle nie daar is met die oog op die verdere uitvoering van die apartheidsbeleid nie.

Is die polisie nie reeds daar om ꞌn groot deel van die beleid uit te voer nie? -- Nee, by enige land is dit nodig vir die polisie om die wet en orde te behou.

U het dan die Swartraadslede genoem as mense wat die beleid uitvoer. Is daar enige ander groep persone in die Swartgemeenskap wat u hierby tuisbring? -- Ja, wat deelneem aan die bevordering van die beleid van die tuislande.

Enige ander groep? -- Op die oomblik terwyl ek hier staan is dit die enigste groepe wat ek aan kan dink.

Wat van die Swartpolisiemanne wat Swartmense arresteer vir bewysboekoortredings, hoe beskou u hulle? -- My antwoord daarop is nee.

Ek wil u verwys na bladsy 39 van dieselfde bewysstuk Al. Dit is die teks van ꞌn toespraak van Archie Gumede. In die tweede kolom agt reëls van bo af waar dit lui "We shall face this challenge by organising the people wherever they are. We have one advantage. We are able to move among our people with ease and we are able to communicate with them at will and organise and show them the road to freedom." Sien u dit? -- Ja, ek sien dit.

Hoe verstaan u die sin? -- Ek verstaan dit net soos dit

hier/...

hier geskryf staan.

Stem u saam dat die doel is om Swartmense te organiseer en eers as hulle georganiseer is, kan daar gevorder word op die pad na vryheid? -- Wat ek hier verstaan is dat die mense moet georganiseer word dat hulle dan geleer word wat die implikasies is van die apartheidsbeleid.

Beteken dit ook dat die mense moet gepolitiseer word? -- Ek verstaan dit nie so nie, dat as mense nou verduidelik word van die implikasies van apartheid, dat dit beteken om mense te politiseer nie.

Was dit u doel met die organiseer van die jeug in Boipatong toe u die jeugorganisasie gestig het om hulle te organiseer om aan te help op die pad na vryheid? -- Nee.

Ek wil u net na nog so drie plekke verwys. Bladsy 37 van dieselfde bewysstuk. Dit is ŉ teks van ŉ toespraak van Frank Chikane in die tweede kolom die laaste sin onder aan die bladsy "And I want to call on you all peaceloving people in South Africa to put hands together to walk side by side to fight against the implementation of these reformed proposals so that we can then destroy the system, so that we can put up a government by the people where the people shall govern according to their will." Sien u dit? -- Ja, ek sien dit.

Hier sê Frank Chikane dat die stryd teen die implementering van die sogenaamde New Deal, die rede daarvoor is "so that we can then destroy the system." Was dit ook u doel om deel te neem aan die stryd teen die implementering van die New Deal? -- Die deel wat ek nou net gelees het wat ŉ bietjie bokant daardie deel is in dieselfde kolom is wat ek verstaan het die boodskap is wat Chikane oorgedra het in hierdie

toespraak/...

toespraak.

Wat is die boodskap? Waarna verwys u? -- "So that we can reject the constitutional proposals and the Koornhof bills in a national and representative voice of the masses because this will only serve to entrench the apartheid system." Dit is die gedeelte waarna ek verwys in dieselfde kolom. Dit begin in die middel van ŉ sin heel bo.

Maar dan onder aan die bladsy sê hy dat die rede waarom die Koornhof Bills en die "constitutional proposals" verwerp moet word is "so that we can then destroy the system." Stem u daarmee saam? -- Dit aan my is ŉ boodskap wat sê sodat die beleid van die apartheid beëindig kan word.

Frank Chikane praat nie van die apartheidsbeleid nie. Hy praat van die stelsel, die "system", wat vernietig moet word. Stem u daarmee saam? -- Dit is heeltemal reg. Daar waar hy van die sisteem praat, die sisteem wat hy van praat verstaan ek as die apartheidsbeleid wat beëindig moet word.

Wat verstaan u onder "destroy"? Hoe moet dit "destroy" word? -- Ek verstaan dit in die konteks wat hy dit heel bo in genoem het "It must be rejected".

Maar dan gaan hy aan en hy sê "So, that we can destroy the system, so we can put up a government by the people. where people shall govern according to their will." Wat beteken dit? -- Ja, dit is wat ek ook verstaan wat hy daar sê.

Wat verstaan u onder "where the people shall govern". Watter regeringstelsel is dit? -- Wat ek daarby verstaan as "the government of the people" is dat die burgers van die land sal gelyk wees, sal gelyke regte hê om die land te regeer.

Het u u daarvoor beywer in die stryd wat u gevoer het?

is the statement that we know that apartheid will continue, it is not exactly the same as that the government will not give in. Quite a different sense is conveyed.

COURT : How do you mean then? Will the government give in and yet keep apartheid? What do you read into the sentence?

MR TIP : I think if My Learned is putting the document, he should put what stands there and not give it a .. (Court intervenes)

COURT : He interprets that on the basis that the system of apartheid will continue and that the government will not therefore change the system of apartheid.

MR TIP : Well, that is not the same proposition as saying the government will give in. The government can put forward reformed proposals. It can change aspects of apartheid. It can do many things, which do not imply that it is giving in.

COURT : What is your objection to the question? The question is the UDF - die UDF sê hulle weet die Regering sal nie ingee nie, met verwysing na bladsy 5.

MR TIP : My appeal is that what appears on page 5 should be put.

HOF : Die vraag word toegelaat. Wat is die antwoord? -- My verstandhouding van wat daar gesê word is dat hulle bedoel het dat daar is nou nuwe wette wat in werking gestel word en dit blyk volgens die nuwe wette dat daar geen veranderings aangebring is wat beoog word om die apartheidsbeleid te beëindig nie.

MNR. HANEKOM : Nou vra ek vir u, as dit u siening was dat die Regering in plaas van om apartheid te beëindig, maak hy nuwe wette wat apartheid verder uitbrei, hoe moet die stryd gevoer word om die huidige Regering te vervang met 'n

Regering/...

-- Wat in my gedagte was, is dat ons almal gelyke regte moet hê en gelyk beskou word in enigiets waaraan ons moet deelneem.

Kyk net op die volgende bladsy, bladsy 38 die teks van Francis Baard se toespraak in die tweede kolom die tweede paragraaf "We say, South Africa, we want the parliament amongst the people here. We want the government of the people and our government would have to be elected among you people." Na wat se regering verwys dit? Hoe verstaan u dit? -- As ek dit reg verstaan, hierdie toespraak was gelewer by die stigting van die UDF Launch te Mitchells Plain. Teenwoordig daar was Blankes, Indiërs, Kleurlinge en Swartmense. Sy toespraak was gemik op al hierdie rasse.

My vraag is wat verstaan u onder "government of the people"? -- Daarby verstaan ek dat hy bedoel dat daar 'n Regering moet wees van mense wat gelyke regte het op dieselfde vlak van die lewe.

Die huidige Suid-Afrikaanse Regering, beskou u nie as 'n "government of the people" nie. Is dit reg? -- Glad nie.

En die huidige Regering moet vervang word met 'n sogenaamde "government of the people" en dit is waarvoor UDF geveg het en hom beywer het? -- Nee, al wat ek daarby verstaan is dat die grondwet sal moet verander word om die ander mense ook in te sluit by hierdie Regering wat dan beteken dat die burgers van die land gelyke regte moet hê dat hulle op dieselfde vlak kan wees.

En UDF self het verklaar, soos ek al op bladsy 5 aan u uitgewys het, dat hulle weet die Regering sal nie ingee nie?

MR TIP : My Lord, perhaps My Learned Friend can direct our attention precisely to the point he relies on, but if it

is/...

Regering van "the people"? -- Volgens my siening sal ek sê ons moet maar aanhou die wette opponeer wat eintlik die uitvoering is van die beleid van apartheid met die hoop dat een dag sal die Regering gehoor daaraan gee, met die gevolg dan, die Regering van die land sal verander.

Hoe dink u opponeer 'n mens 'n wet? -- Dit is om te protesteer teen die beleid van die apartheid.

Is dit nie om die wet se werking onmoontlik te maak, om die wet onwerkbaar te maak soos in die geval van die Black Local Authorities Act nie? -- Ek weet nie wat gebeur het in daardie geval nie, maar wat ek sê is dat ons moet aanhou om te protesteer tot tyd en wyl op 'n dag dat die Regering gehoor gee en ag daarop slaan, dan sal daar miskien iets gedoen word.

Wat verstaan u onder die begrip protesteer? Hoe protesteer u teen 'n wet? -- Deur gebruik te maak van plakkate.

Moet daar soveel as moontlik mense wat geraak word deur die protes gekry word om deel te naam aan die protes? -- Soos dit was met die uitvoering van die "million signature campaign". Persone benodig daar vir die uitvoering van hierdie protes was miljoen mense om handtekeninge te gee dat hulle teen die beleid is van die apartheid.

Hoe was die protes teen die Black Local Authorities Act? -- Ek verstaan die protes as dit dat mense nie deel moet neem in die verkiesings nie.

En as mense wel verkies word, daar aangegaan word en mense word verkies volgens die wet soos wat werklik gebeur het in 1983? -- Ek volg nie u vraag nou nie.

U sê 'n mens kry die mense om nie deel te neem aan die verkiesing nie, maar ek sê vir u as die werklikheid is dat

die/...

die verkiesing vind wel plaas, soos dit plaasgevind het in 1983 volgens die wet? -- Dan moet daar ŉ beroep gedoen word dat die persone moet bedank.

En om die beroep doeltreffend te maak, moet daar gebruik gemaak word van sekere punte, noem dit knelpunte of "issues"? -- Nee.

Hoe word dit dan gedoen as die mense weier om te bedank? -- Dit sal nou afhang van die organisasies wat dié besluit aangaande dit. Dit kan wees dat miskien besluit word dat die besighede van sulke persone nie ondersteun word nie. Dit hang natuurlik af wat die besluit is of die persone se besighede of die persone self geïsoleer word.

Verstaan ek u dan korrek dat in die protesaksie speel die organisasies ŉ kardinale rol? -- Nee, dit beteken die gemeenskap het besluit om verkiesing van organisasies wat namens die gemeenskappe die gevoelens van die gemeenskap sal voortsit. Op daardie wyse is ek dus nie in staat om die organisasie van die gemeenskap te isoleer nie. Dit is een ding wat my betref.

HOF : Te skei nie, nie te isoleer nie. -- Te skei nie. (Tolk deel Hof mee dat die getuie die woord "isolate" gebruik het) To separate.

MNR. HANEKOM : Maar stem u saam daar kan nie ŉ doeltreffende protes wees as daar nie organisasies is wat dit alles koördineer nie? Die gemeenskap kan nie elkeen op sy eie aangaan nie? -- Dit is juis die punt hoekom die gemeenskap die organisasies gestig het.

Ek wil met u aangaan na ŉ ander onderwerp oor die huurverhogings in die Vaal Driehoek in September 1984. Waarom het Tsotso met u kom praat oor die beoogde verhogings? --

Toe/...

Toe hy my genader het destyds om my in kennis te stel daarvan was sy organisasie buite werking gewees. Wat my betref het hy my genader omdat hy die kennis gehad het van my betrokkenheid in die jeugorganisasie. Verder was hy maar aan my bekend gewees. So ek het geen fout daarmee gevind dat hy my daaroor kom spreek het nie.

As u praat van sy organisasie wat nie meer bestaan het nie, praat u van die Boipatong Civic Association? -- Ja, soos ek van hom verneem het.

Wat het hy met u kom bespreek? Waarom wou hy u as aktief in die jeugorganisasie spreek oor die huurverhoging? -- Dit was nie tussen ons bespreek hoekom hy besluit het om my te nader nie.

Wel, ek vra vir u want u het dit as 'n rede genoem. U sê dit is die rede hoekom Tsotso met u kom praat het, dat hy geweet het u is aktief in die jeugorganisasie? -- Nee, dit is nie wat hy gesê het nie. Dit is wat ek gedink het is die posisie.

Waaroor het die bespreking gegaan tussen u en Tsotso? -- Hy het my meegedeel dat hy 'n verslag gesien het dat daar 'n verhoging gaan wees van die huur.

En wat het u besluit om daaromtrent te doen? -- Alvorens hy my genader het omtrent daardie punt, was ek alreeds bewus van die feit dat die meeste van die mense in Boipatong se huise word gesluit omdat die mense nie die huur kan bekostig nie. Na aanleiding daarvan... (Mnr. Krugel kom tussenbei)

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Ekskuus dat ek u onderbreek. Ek het weer probleme met die gebruik van die woord dat die "meeste mense se huise in Boipatong se huise word gesluit omdat hulle nie die huur kan betaal nie." Wat bedoel u daarby? Wat

bedoel/...

bedoel u met die meeste mende? -- Daarby bedoel ek dat daar was mense gewees wie se huise gesluit was.

U bedoel nie dat dit meer as die helfte van die mense was byvoorbeeld nie? -- Dit is vir my moeilik om spesifiek te sê of dit meer as die helfte van die inwoners se huise was wat gesluit was of nie, want dit het omtrent elke maand gebeur dat daar huise gesluit word. Dit wil sê verskillende mense se huise was gesluit.

Ja, maar u het vantevore gesê dat die meeste van die mense in die Vaal Driehoek was werkloos? Nou sê u weer dat meeste van die mense in Boipatong se huise word gesluit omdat hulle nie die huur kan betaal nie. Die probleem wat ons het is net om te sien watter waarde geheg moet word aan u stelling van "meeste mense"? -- In die eerste plek, toe ek die woord gebruik het dat die meeste van die mense werkloos was, het ek bedoel dat daar mense in Boipatong was wat nie gewerk het nie, want die meeste van die fabrieke het die werknemers verminder. Ek was een van die persone wat ook sy werk verloor het as gevolg daarvan. Dus bedoel ek ek was bewus van baie mense ingesluit myself wat werkloos was te Boipatong.

En ook van baie mense wie se huise gesluit was omdat hulle nie die huur kon betaal nie? -- Ja, op verskillende tye.

MNR. HANEKOM : Die vraag was wat het u besluit om te doen na aanleiding van die beoogde huurverhogings, u en Tsotso? -- Ons het toe die gedagte gekry dat dit belangrik was om ŉ vergadering bymekaar te roep met die oog daarop om ŉ gesprek met die gemeenskap uit te voer wat by die vergadering gaan wees om die mense se gevoelens vas te stel aangesien ons dit nou alreeds besef het dat daar baie mense nie in staat

gaan/...

gaan wees om hierdie verhoogte huur te betaal nie.

Het u die idee van u en Tsotso om die mense so bymekaar te roep met enige ander persoon of organisasie bespreek voor die tyd? -- Ja, dit is so.

Met wie het u gepraat? -- Met Peter Mohape en Balfour, Mohau. Daar is ander mense met wie ons hierdie aangeleentheid bespreek het, maar hierdie wat ek genoem het, is mense met wie ons 'n vergadering gehou het.

Was Esau Raditsela een van die mense? -- Nee.

Het u nie daaraan gedink om die kwessie te bespreek van die bestaande organisasies nie, die VCA byvoorbeeld?-- Nee.

Volgens die bewerings was die getuienis dat VCA hoofsaaklik gestig was vir daardie doel kort tevore in die Vaal? -- Ek weet nie daarvan nie. Ek was nie by nie.

HOF : Nee, maar as Tsotso die ding sou bespreek het van VCA dan sou hy dit seker aan u gemeld het? -- Ja, dit is so. Indien hy dit bespreek het sou hy dit aan my genoem het, maar aangesien hy geen melding daarvan aan my gemaak het nie, weet ek nie.

MNR. HANEKOM : Het julle tydens julle besprekings nie daaraan gedink om die organisasie te betrek nie of selfs UDF? -- Nee.

En u en die persone wie se name u genoem het, het 'n vergadering by u huis gehou op 15 Augustus 1984. Is dit reg? -- Dit is so.

By die vergadering op 15 Augustus 1984, is dit nie bespreek om van die organisasies te betrek in die probleem nie? UDF het op daardie stadium reeds 'n kampanje gehad teen die raadslede? -- Nee.

U het op die dag, 15 Augustus 1984, besluit om 'n

vergadering/...

vergadering met die inwoners te hou op 26 Augustus 1984? -- Ja, dit is so.

Wat het u besluit moet die doel wees van die vergadering op 26 Augustus 1984?--Om die gevoelens van die gemeenskap te hoor aangaande die verhoging op huur.

Was die gemeenskap se gevoelens oor die onderwerp nie baie goed aan julle bekend op daardie stadium op 15 Augustus 1984? -- Ek was al daarvan bewus dat die huidige huur wat destyds betaal was, alreeds probleme skep vir die mense in so ŉ mate dat dié mense se huise gesluit word.

Was dit dan werklik nodig om nog ŉ vergadering te belê met die mense om hulle gevoelens te kry oor die verhogings? --Ja, dit was beslis nodig gewees dat ŉ vergadering belê moet word sodat hulle met mekaar kan praat oor hierdie probleem van die huur.

HOF : *Laat ek net duidelikheid kry. Was die doel om ŉ vergadering te belê sodat daar ŉ protes kan wees oor die huur of was die doel om ŉ vergadering te belê om te hoor hoe voel die mense oor die huur?* -- Dit was met die oog daarop om die gevoelens van die gemeenskap te hoor aangaande die verhoging van huur. Dit was dan oorgelaat aan die gemeenskap om ŉ verdere besluit te neem wat die gemeenskap van voorneme was om te doen op hierdie punt.

MNR. HANEKOM : Op 15 Augustus 1984 wie het julle besluit sou sprekers wees op die vergadering van 26 Augustus 1984? -- Ons het ooreengekom dat daar sprekers gaan wees vanaf ons komitee, dit wil sê van die lede van ons komitee sou daar opgetree het as sprekers. Ek is toe daar versoek om sprekers van buite af te kry. Dit wil sê sprekers van buite die grens van Boipatong.

HOF : Waarom was dit nodig? -- Daar was nie 'n spesifieke rede genoem hoekom dit nodig was nie. Dit was net 'n besluit wat geneem was dat daar persone van buite die grens van Boipatong verkry moet word as sprekers by hierdie vergadering. Dat die persone ook toesprake sal moet lewer aangaande die verhoging van huur.

Wat het u gedink waarom is hulle nodig? -- Wat my bygeval het toe dit so besluit was, was dat ek gaan mense nooi wat ook in die Vaal Driehoek se Swartwoonbuurtes is wat ook geaffekteer word deur die verhoging van die huur om as sprekers hier te kom optree.

MNR. HANEKOM : As julle doel met die vergadering van 26 Augustus 1984 was om die gemeenskap se gevoel te toets, waarom was dit nodig om veral buite sprekers te kry om die mense te kom toespreek oor die kwessie? -- Wat my betref was dit met die oog daarop dat die mense van Boipatong bewus moet word van die feit dat hulle nie die enigste mense is wat eintlik geraak word deur hierdie verhoging van huur nie, maar ook ander mense word daardeur geraak.

Dit was sekerlik 'n baie bekende feit gewees dat die huur in al die Swartgebiede van die Vaal Driehoek onder Lekoa se jurisdiksie verhoog sou word? -- Dit is so, dit was so bekendgemaak.

Maar dan is die rede waarom u die buite sprekers wou hê nie 'n rede nie. Nou vra ek u weer, waarom was dit nodig om buite sprekers te kry oor die kwessie? -- Ek sê die rede hoekom dit nodig was om buite sprekers te kry om toesprake te lewer aangaande die verhoging van die huur, was met die oog daarop om dit bekend te maak aan die inwoners van Boipatong dat hulle nie die enigste persone is wie se huur

verhoog/...

verhoog was nie en dat daardie persoon, die sprekers ook nou, vir die mense van Boipatong die gevoel van hulle gemeenskap kan oordra aan hierdie mense wat die gevoel is aangaande die verhoogde huur.

Waarom was dit vir u belangrik in Boipatong om te weet wat die ander gebiede se mense se gevoelens is oor die huurverhogings? -- Ons het dit nie bespreek nie waarom dit nodig was.

U het die rede aangevoer as 'n rede? -- Ja, dit is die rede.

As u dit nie bespreek het nie, waarom was dit vir u belangrik, vir u persoonlik? -- Ek het pas hier vir die Hof verduidelik dat dit die bedoeling was dat dit duidelik gemaak moet word aan die inwoners van Boipatong dat hulle nie die enigste mense is wie se huur verhoog is en dat hulle ook kan hoor wat die gevoel is van die ander mense wie se huur ook verhoog was.

Ek sal u nog net een maal vra. Waarom was dit vir u belangrik dat die mense in Boipatong moes weet wat die mense in die ander gebiede se gevoel was? -- Omdat hulle ook maar inwoners en bure is van die Vaal.

Was u op daardie stadium op 15 Augustus 1984 bewus van vergaderings wat oor die beoogde verhogings van huur gehou was in ander dele van die Vaal Driehoek? -- Nee, ek was nie.

Hoe het u dan geweet wat sou die ander mense in die ander gebiede se gevoelens wees om dit te kon oordra by julle vergadering? -- Ek het die lede van die organisasies waarvan ek bewus was wat bestaan het in die Vaal genader, welke organisasies waarvan ek bewus was namens die mense in daardie woonbuurtes optree.

Net/...

Net voordat ons by die organisasies kom. Is dit aan u uitsluitlike diskresie oorgelaat om te besluit watter sprekers en van watter organisasies julle gaan nooi om te kom praat op 26 Augustus 1984? -- Daar was geen besluit geneem watter lid van watter organisasie genooi moet word as 'n spreker nie.

Waarom het u besluit op Veronica Mbongo van die Bophelong Civic Association om te kom as 'n spreker? -- Sy is een van die lede wat aan my bekend was in hierdie organisasie van Bophelong Civic Association.

Het u haar persoonlik gevra om op te tree as spreker? -- Ja, dit is so.

Het u vir haar 'n aanduiding gegee wat die tema van haar toespraak moes wees? -- Al wat ek aan haar gesê het is dat ek haar versoek om as 'n spreker op te tree by ons vergadering waar die verhoging van huur bespreek gaan word.

Is dit al? -- Dit is so.

Hoe sou sy dan weet om die gevoel van die inwoners van Bophelong oor te dra? Dit is die doel waarom u buite sprekers gevra het? -- Soos ek alreeds verduidelik het dat destyds was ek nog nie daarvan bewus dat daar ooit vergaderings gehou was by verskillende gebiede met die gemeenskap nie. Om daardie rede het ek besluit om die lede van verskillende bekende organisasies te nader.

Dit antwoord nog nie die vraag nie. U sê die doel waarom u 'n spreker van buite gekry het, was om hulle, die buite sprekers se gemeenskap se gevoel te kom oordra aan die
K688 mense in Boipatong? -- My verstandhouding daarvan is dat die manier waarop ek die versoek oorgedra het aan die sprekers, was dit aan die sprekers duidelik gemaak dat die spreker in sy toespraak melding sal maak van die gevoelens van die

gemeenskap/...

gemeenskap van waar die spreker dan gekom het, omdat ons daarvan bewus was dat hierdie verhoging van die huur hulle ook geraak het.

Op watter manier het u dit aan haar oorgedra wat sy moet kom sê? -- Wat ek gesê het was die volgende dat ek die persoon kom vra om as ŉ spreker by ons vergadering van Boipatong te kom optree. Hierdie vergadering is aangaande die verhoging van huur.

Is dit al? -- Net soos ek gesê het.

En wil u vir die Hof sê daaruit moes sy aflei sy moet haar gemeenskap se gevoel kom oordra aan die mense van Boipatong? -- Ja, dit is hoe ek dit verstaan het.

Het u vir Veronica Mbongo gevra wat was die mense se gevoel in Bophelong oor die beoogde verhoging? -- Nee, ek kan nie onthou dat ons dit bespreek het nie.

En as die mense van Bophelong tevrede was met die beoogde verhogings van huur, sou u tevrede gewees het as sy dit aan die mense van Boipatong kom oordra het? -- Dit was reg gewees indien sy sulke gevoelens oorgedra het. Daar was niks verkeerd daarmee nie.

Waarom het u besluit op ŉ spreker van VCA? -- Omdat ek daarvan bewus was dat daar te Sebokeng ŉ organisasie bestaan met die naam van VCA.

Het die VCA op daardie stadium net in Sebokeng bestaan of vir al die gebiede van die Vaal Driehoek? -- Ek was daarvan bewus gewees dat daar komitees bestaan by verskillende areas van die VCA organisasie, byvoorbeeld van Boipatong wat bestaan het as gevolg van die persoon Jabulani Patosi wat ŉ verteenwoordiger was van VCA. Dit is wat ek van Tsotso verneem het dat dit nie meer bestaan het nie.

Het/...

Het u op daardie stadium vir Esau Raditsela geken? -- Nee, ek het nie.

Toe u hom genader het om pamflette te druk vir die vergadering, is dit die eerste keer wat u hom persoonlik ontmoet het? -- Dit is so.

Het u vir hom, toe u hom vir ʼn spreker van VCA vra gesê wat die sprekers moet kom sê op die vergadering in Boipatong? -- Wat ek aan hom oorgedra het was die volgende, dat die komitee van Boipatong het besluit op die belê van ʼn vergadering aangaande die verhoging van huur en hom toe gevra of hy nie vir ons ʼn spreker kan reël vir die vergadering nie, wat ook oor die verhoging van huur ʼn toespraak kan maak.

Het u gevra dat die spreker van ʼn spesifieke gebied in die Vaal Driehoek moes kom, die VCA spreker? -- Nee.

U het tog in gedagte gehad om die gevoel van ʼn ander gebied aan die mense in Boipatong te kom oordra en u noem nie vir Esau van watter gebied af u ʼn spreker verlang nie? -- Ek het dit nie nodig gevind om vir hom te sê waarvandaan, van watter area af, moet die spreker kom nie, want ek was alreeds daarvan bewus dat ek ʼn spreker gaan nooi vanaf Bophelong se organisasie.

Op die vergadering van 15 Augustus 1984 is daar ʼn besluit geneem oor welke van julle eie komiteelede as sprekers sou optree op 26 Augustus 1984? -- Nee. Ons het net ʼn besluit geneem dat van ons by die komiteelede sal sprekers moet wees maar wie hulle spesifiek sou wees, was nie op besluit nie.

Hoe sou die komiteelid weet of hy moes praat en of hy nie moes praat nie, of hy ʼn toespraak moes voorberei of nie moes voorberei nie? -- Dit was oorgelaat aan die lede dat indien daar ʼn lid is wat voel hy wil ʼn toespraak daar gaan

lewer/...

lewer, dan sou daardie persoon self voorbereidings gedoen het.

Was dit afgespreek dat daar op ŉ sekere tyd finaliteit moes hieroor, oor wie gaan praat en wie nie gaan praat nie? -- Nee.

Met ander woorde, dit kon ook gebeur het dat al die komiteelede besluit het om nie te praat nie, dan sou nie een van julle praat op 26 Augustus nie? -- Dit is nie wat gebeur het nie.

Is daar op 15 Augustus 1984 se vergadering enigiets anders besluit oor sprekers vir die 26ste? -- Nee.

Is dit op die vergadering wel besluit dat buite sprekers, sprekers van buite Boipatong wel oor die huurverhogings moes praat of is die tema van die toespraak glad nie bespreek nie?-- Ons het ooreengekom dat dit mense sal wees wat sal praat oor die verhoging van huur.

Ek wil u net verwys na BEWYSSTUK AT6. Die eerste bladsy is ŉ program van sprekers van 26 Augustus 1984 se vergadering. Daar word verwys na ŉ "Student representative" en ŉ "woman representative". -- Ja, dit is so.

Op watter stadium is dit bespreek dat daar sprekers van die studente en van die vrouens moes optree op die vergadering? -- Hierdie program is opgestel deur mnr. Tsotso die oggend van die 26ste.

Ja, maar die vraag is, wanneer is daar besluit om ŉ spreker te hê wat die studente verteenwoordig en ŉ spreker te hê wat die vrouens verteenwoordig? -- Sodra hy dit klaar opgestel het, het hy dit aan my getoon en gevra of ek daarmee saamstem dat daar ŉ studenteverteenwoordiger teenwoordig moet wees en ŉ verteenwoordiger van die vrouens.

HOF/...

HOF : ꞌn Studenteverteenwoordiger, daarby bedoel u ꞌn skolierverteenwoordiger? -- Wat ons in gedagte gehad het, was dat daar ꞌn hoërskoolstudent teenwoordig moet wees.

MNR. HANEKOM : Het u met Tsotso saamgestem? -- Ja, ek het.

Op welke gesag het julle twee sonder dat dit in die komitee bespreek is besluit op die sprekers? -- Met betrekking tot items 4 en 5 het ons daaroor ooreengekom by die vergadering as lede van die komitee en het ons dit toe so aanvaar.

HOF : U bedoel op 15 Augustus? --Nee, ek praat van die vergadering van die 26ste. Daar het ons ooreengekom oor items 4 en 5. Wat ek sê is dat na hy hierdie program opgestel het, het ek niks gehad waarteen ek beswaar gemaak het nie.

Nee, dit is nie die vraag nie. Items 4 en 5 is ingevoeg sonder gesag van die komitee wat op die 15de Augustus vergader het. Dit is die stelling. -- Van die komiteelede teenwoordig by hierdie vergadering van die 26ste waar hierdie program, BEWYSSTUK AT6 opgestel was deur Tsotso, was ek self, Tsotso en Peter Mohape. Die drie van ons het ooreengekom en aanvaar dat items 4 en 5 in hierdie program wat opgestel is, vervat kan word. Verskoon my, dit was ꞌn misverstand gewees. Wat ek bedoel is, die drie lede van die komitee was by hierdie vergadering teenwoordig, maar wat ek van bewus is is dat ek en Tsotso het ooreengekom met die invoeging van items 4 en 5 op hierdie program wat opgestel was deur Tsotso. Ek weet net nie of dit ook aan Peter Mohape getoon was nie, maar die res van die komiteelede was nie teenwoordig by hierdie vergadering nie. Ek het nie hierdie program gesien met botsings aangaande die besluite wat ons op die 15de geneem het nie.

MNR. HANEKOM : Toe u die program opgestel het of toe

Tsotso/...

Tsotso die program opgestel het, waarmee u saamgestem het, wat was die ooreenkoms tussen julle, wie sou die "Student Representative" wees? -- Ons sou enigeen teenwoordig by hierdie vergadering van die studente gevra het om ŉ toespraak te lewer.

HOF : Sommer so enige skolier sou julle op die verhoog sit en hom laat praat? -- Nee, ons sou nie sommer enige skolier vat en op die verhoog plaas nie. Daar sou ŉ versoek gerig word aan die gehoor indien daar enigeen van die skoliere teenwoordig is wat ŉ toespraak kan lewer. Indien daar dan niemand is wat ingewillig het om dit te doen nie, sou ons dit dan net daar gelaat het.

MNR. HANEKOM : Wat was julle doel om ŉ skolier te laat praat op die vergadering wat gaan oor huurverhoging? -- Dit was om hulle ook in staat te stel om hulle woord ook bekend te maak aangaande die verhoging van huur en hoe dit hulle raak.

En die "Women representative", wat was die ooreenkoms tussen u en Tsotso, wie sou dit wees? -- ŉ Persoon wat ŉ toespraak daaromtrent gelewer het, dit wil sê die verteenwoordiger van die vroumense was Veronica Mbongo.

HOF : Is dit ŉ jong dame of ŉ ouerige dame? -- Ek sou die persoon beskou as ŉ persoon van middeljarige ouderdom. Dit is moeilik om te sê hoe ek haar kan beskryf.

Ek het miskien die verkeerde gedagte. Ek het gedink sy is lid van die jeuggroep van Bophelong. -- Nee.

MNR. HANEKOM : U het haar nie genooi as spreker namens die vrouens. U het haar genooi as spreker namens die Bophelong Civic Association? -- Nee, ek het haar nie genooi om ŉ toespraak daar te lewer as lid van die Civic Association nie. Met ander woorde, dat sy daar moet kom optree in

haar/...

haar hoedanigheid by die Civic Association nie.

Dit was u getuienis, maar ek sal dit daar laat. Toe u aanvanklik besluit het om buite sprekers te kry van die organisasies in die Vaal, die ander organisasies aan u bekend in die Vaal, waarom het u nie toe reeds besluit om verteenwoordigers te kry van die vrouens en die jeugorganisasies nie? -- Dit het nie in my gedagte gekom nie.

Ek verstaan nie u getuienis nou nie, want u getuienis was toe u op buite sprekers besluit het, besluit het om mense van die ander organisasies in die Vaal te nooi? -- Ja, dit is so. Ek het mos 'n spreker genooi van VCA en ek het 'n spreker van Bophelong Civic Association genooi.

Is dit die enigste organisasies in die Vaal wat u geken het op daardie stadium? -- Ek was bewus gewees van die jeugorganisasie te Bophelong.

En COSAS? -- Ek het geweet van die bestaan van COSAS maar ek het nie geweet van die bestaan van COSAS in Lekoa nie, dit wil sê in die Vaal, presies waar nie. Met ander woorde, wie die lede was van COSAS en waar 'n mens hierdie organisasie kan kry nie.

En die organisasie VOW, Vaal Organisation of Women, was u bekend met hom? --Nee.

Weet u of daar 'n AZAPO tak in die Vaal was op daardie stadium? -- Nee.

Toe u en Tsotso die program opgestel het, <u>BEWYSSTUK AT6</u> het u vir hom gesê u het Veronica Mbongo gekry en 'n spreker van VCA? -- Ek het nie gesê dat ek 'n program opgestel het saam met Tsotso nie. Ek het gesê Tsotso het 'n program opgestel wat hy later aan my getoon het. Ek was nie teen hierdie program wat opgestel was nie.

Toe hy die program aan u voorlê, het u vir hom gesê "Wel, intussen het ek 'n spreker gekry. Ek het Veronica Mbongo gekry van Bophelong Civic en ek het vir Esau gevra en ek het 'n spreker gekry van VCA"? -- Op die tydstip wat hy hierdie program aan my voorgelê het, was hy alreeds daarvan bewus.

Het julle op enige stadium voor die vergadering van 26 Augustus 1984 duidelikheid gehad oor welke van julle eie komiteemense sou optree as spreker? -- Nee.

Toe u na 15 Augustus 1984 vir Esau vra om vir julle 'n pamflet voor te berei, wat het u vir hom gesê moet die pamflet bevat? -- Wat ek aan Esau oorgedra het was die volgende, dat ons komitee van Boipatong het besluit op die belê van 'n vergadering, by welke vergadering die verhoging van huur bespreek gaan word en dus die versoek aan hom is dat hy 'n pamflet moet opstel wat gebruik gaan word as uitnodiging van mense om hierdie vergadering by te woon.

Toe u die pamflet later van Esau gekry het, BEWYSSTUK AT5, was u tevrede met die inhoud van die pamflet?-- Ja, ek sal sê ek het gevind dat dit eintlik besig was om mense uit te nooi vir die vergadering van ons wat op die 26ste gehou gaan word. Wat ek verder gevind het wat hierdie pamflet bevat het, was dat hy dit geskryf het asof dit van die Vaal Civic Association afkomstig was. Ek het toe dus gevind wat eintlik vir ons belangrik was, wat ons gesoek het, is die uitnodiging van die mense vir die vergadering op die 26ste.

U het nie beswaar gehad dat die pamflet verskyn onder die naam van Vaal Civic Association nie? -- Ek het geen probleem gehad met die gebruik van die woorde Vaal Civic Association nie.

Ek stel dit aan u die rede hoekom u nie beswaard was

daaroor/...

daaroor nie, was omdat die vergadering juis belê was deur u komitee in samewerking met die Vaal Civic Association? -- Nee, nee.

Afgesien van die opskrif Vaal Civic Association, was daar enigiets anders in die inhoud van die pamflet self waarmee u nie tevrede was nie? --

HOF : Wel, ek dink nie u kan dit so stel nie, want hy het nie gesê dat hy nie tevrede was met die opskrif nie. U sê afgesien van die opskrif Vaal Civic Association, was daar nog iets anders waarmee u nie tevrede was nie?

MNR. HANEKOM : Ek het dit verkeerd geformuleer.

HOF : U moet hom net eenvoudig vra was daar iets in die pamflet of in die kennisgewing, waarmee u nie tevrede was nie.

MNR. HANEKOM : Ek stem saam. Ek het dit verkeerd geformuleer. Stem u saam met die inhoud van die pamflet? -- Ja, ek stem saam met die inhoud daarvan.

U is dus tevrede dat ouers, inwoners, werkers en kinders na die vergadering genooi is? -- Ek verstaan dit soos volg dat toe Esau hierdie geskryf het dat dit ŉ uitnodiging was vir "parents, residents, workers and children" dat dit beteken dat die gemeenskap van Boipatong word genooi.

U het nie beswaar gehad dat kinders by name genoem word in die pamflet nie? -- Nee, want hier waar hy na kinders verwys het ek verstaan dat dit eintlik bedoel die jeug wat eintlik ŉ goeie verstand het om verantwoordelik gehou te kan word.

En die definisie wat u van jeug gegee het vroeër in u getuienis vroeër is persone van tussen 18 en 30. Is dit wat u bedoel? -- Dit is so.

Hoe/...

Hoe moes die mense wat die kennisgewing ontvang - hoe sou hulle dit verstaan? -- Ek het die gedagte gehad dat hulle dit maar op dieselfde basis sal verstaan soos ek dit verstaan.

Wil u vir die Hof sê dat as 'n kind van 16 jaar oud, 'n skolier van 16 jaar oud die kennisgewing gelees het, hy hieruit sou verstaan dat hy uitgesluit was? -- Is dit nou 'n skolier wat u van praat?

Skolier of nie-skolier van 16 jaar oud? -- In my gemeenskap gebeur dit dikwels dat kinders van die jare tussen 15 en 16 die skool verlaat omdat daar nie genoegsame fondse is om die kind op skool te hou as gevolg waarvan die kind dan begin werk, hetsy as 'n tuinjong of op een of ander manier gaan werk. So 'n kind aanvaar ek as 'n kind wat nou verantwoordelik is in die sin dat 'n kind met 'n bewysboek word in dieselfde lig deur my beskou. Dus die kinders wat van daardie ouderdomme is, is die verantwoordelike kinders wat verantwoordelik gehou kan word.

Sluit die woord "children" in die kennisgewing dan kinders in die skool uit volgens u? -- Die woord "children" is 'n algemene woord.

En daardeur wil u sê dit sluit almal in, van enige ouderdom, of hulle skool gaan en of hulle nie skool gaan nie? -- Ek het alreeds in hierdie hof verduidelik dat ek aanvaar dat 'n persoon wat hierdie kennisgewing kry, die pamflet wat na verwys word, sal dit verstaan net soos ek dit verstaan wat die volgende vir my is, dat dit afgehang het van 'n persoon wat dit lees en dat die persoon dan sal besef of dit wat vervat word in hierdie pamflet die persoon raak of nie en tweedens, die persoon sal nou sien, soos ek dit sien, wie geraak word en wat daarby bedoel word met die gebruik van

hierdie/...

hierdie woord wie moet betrek word in die vergadering.

HOF : Hoeveel Anglikaanse kerke is daar in Boipatong? -- Daar is een.

MNR. HANEKOM : Ek stel dit aan u dat die kennisgewing spesifiek gerig is aan kinders omdat dit vir u baie belangrik was om kinders op die vergadering te hê, so belangrik dat u die oggend van 26 Augustus besluit het om 'n skoolkind as spreker te gebruik op die vergadering? -- Nee.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

SEKWATI JOHN MOKOENA, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM : Mnr. Mokoena, ek wil dit aan u stel dat u tevrede was met die inhoud van die kennisgewing waar dit die doel van die vergadering - ek verwys na AT5 - van 26 Augustus 1984 uiteensit waar dit lui "Let we meet against this unjust action taken by the councillors in our townships" en dit weerspreek u getuienis. Die doel was nie om die mense se gevoel te hoor oor die verhogings van huur nie, maar om 'n protesvergadering daar teen te hou? -- Ek het alreeds vir die Hof gesê dat toe ek vir Esau genader het, met die oog daarop dat hy nou 'n program moet opstel vir ons, het ek aan hom - nee, nie 'n program nie, maar die memo - om vir ons hierdie pamflet vir die uitnodiging op te stel, het ek aan hom gevra om dit as 'n uitnodiging op te stel. Ek het aan hom bekend gemaak die rede dat hierdie komitee 'n besluit geneem het dat daar 'n vergadering gehou gaan word vir die inwoners van Boipatong om die verhoging van huur te bespreek.

Sien u dit wat u nou gesê het op enige manier verwoord in die kennisgewing, BEWYSSTUK AT5? -- Ek sien hier staan

geskryf/...

geskryf soos ek dit lees.

HOF : U moet net onthou, mnr. Die Tolk, dat as die getuie dit lees, dit miskien nie deurkom op die mikrofoon nie, want hy lees dit saggies. Ons verwag dat u dit tolk of ons moet die mikrofoon by hom hou dat dit deurkom.

TOLK : Ek het die mikrofoon by hom gehou. Ek weet nie of dit deurgekom het nie.

HOF : In elk geval, wat hy gelees het is "Let us meet against this unjust action taken by the councillors."

MNR. HANEKOM : Dit is nie 'n uitnodiging om die huurverhogings te kom bespreek nie. -- Die sin net voor dit lees soos volg "The community council has increased rent again."

Dit is ook nie 'n uitnodiging dat die gemeenskap hulle gevoelens oor die verhoging moes kom lug op die vergadering nie? -- Ek het alreeds vir die Hof gesê toe ek hom genader het met die oog daarop dat hy vir ons hierdie pamflet moet opstel, wat ek vir hom gesê het.

Ek stel dit aan u dat wat in die pamflet verwoord is, nie dit bevat wat u sê u vir Esau gesê het dit moet bevat nie? -- Ek het al aan die Hof verduidelik wat ek aan hom gesê het toe ek hom gaan versoek het om hierdie pamflet namens ons op te stel.

Die terugrapporteringsvergadering van 22 Augustus 1984 waar is dit gehou? -- By my huis.

Wie was almal teenwoordig? -- Mnr. Tsotso was teenwoordig, Peter Mohape was ook teenwoordig, Balfour was teenwoordig en ekself was ook daar teenwoordig.

Is die kwessie van sprekers vir die vergadering van 26 Augustus 1984 bespreek by die geleentheid?-- Daar was al 'n besluit geneem op die 15de wie die sprekers gaan wees.

By/...

By die vergadering van die 22ste, het ek net alleenlik teruggerapporteer aan hulle wat se voorbereidings deur my gedoen was.

U getuienis is nie korrek dat die sprekers al op die 15de Augustus bespreek was nie. Al wat daar bespreek was was dat u het die alleenreg gekry om sprekers van u keuse te reël. -- Dit is wat ek sê.

Het u enigiets op 22 Augustus 1984 terugrapporteer oor sprekers? -- As ek nog reg onthou het ek aan hulle teruggerapporteer dat ek vir Esau gevra het vir 'n spreker.

En Veronica Mbongo? -- Ek kan nie meer so goed onthou of ek al reeds haar gesien het op daardie tydstip nie en indien wel, of ek enige verslag gedoen het oor haar by hierdie vergadering nie.

Maar was dit nie die uitsluitlike doel van die byeenkoms op 22 Augustus 1984 om terug te rapporteer oor wat gedoen is ter voorbereiding nie? -- Ja, dit is so.

In u hoofgetuienis het u ook nie melding gemaak daarvan dat die sprekers enigsins bespreek is op die vergadering van 22 Augustus 1984 nie? -- Dit is reg. Hierdie vergadering was net bedoel gewees vir my om verslag te doen aangaande die voorbereidings wat ek mee gemoeid was.

HOF : Bedoel u met voorbereidings, die verkryging van pamflette of bedoel u iets meer daarmee? -- Volgens die besluite van die 15de, was die voorbereidings waarvan ek praat oor die pamflet, die verkryging daarvan, die verkryging van 'n vergaderplek en die bekombaarheid van sprekers vir die vergadering van die 26ste.

MNR. HANEKOM : En dit alles was u verantwoordelikheid om te reël? -- Ja, dit is so.

Moes/...

Moes enige van die ander komiteelede enigiets doen ter voorbereiding van die vergadering van 26 Augustus 1984? -- Nee.

Is die kwessie van ʼn voorsitter vir die vergadering van 26 Augustus 1984 bespreek by die byeenkoms op 22 Augustus 1984? -- Ek onthou dat dit besluit was op mnr. Balfour as ʼn voorsitter op die vergadering van die 26ste. Die besluit was op die 15de geneem. Ek kan net nie presies onthou of dit ook op hierdie datum, die 22ste genoem was nie, maar die besluite was op die 15de geneem.

Ek stel dit aan u dat u hoofgetuienis was dat die kwessie van voorsitterskap is die eerste keer bespreek op 22 Augustus 1984?

MR TIP : In fairness to the witness the passage actually reads as follows "Do you recall at any stage whether there was a discussion about who would chair the meeting of 26 August."

COURT : And the answer was?

MR TIP : "Yes, I do. We agreed on Mr Balfour to chair that meeting." The next question dealt with the meeting of 26 August.

HOF : Is dit die passasie waarna u verwys?

MNR. HANEKOM : Ja, maar dié passasie is onder die passasie waar 22 Augustus se vergadering bespreek was.

HOF : Wat is die verwysing?

MNR. HANEKOM : Dit is Volume 213. Dit begin op bladsy 11 257 ses reëls van onder af.

HOF : Nee, u kan nie noodwendig die afleiding daarvan maak nie. Dit is onduidelik.

MNR. HANEKOM : Op 22 Augustus 1984 was dit al bekend dat

mnr. Balfour/...

mnr. Balfour die voorsitter sou wees op die vergadering van 26 Augustus 1984. Het u met hom gereël op watter stadium u vir hom sou sê wie die sprekers sou wees vir die vergadering van 26 Augustus? -- By hierdie vergadering van die 22ste gedoen het ek ʼn verslag gedoen dat ek met Esau gepraat het oor ʼn spreker, waarop Esau gesê het dat hy sal sien of hy ʼn spreker het vir die vergadering van die 26ste.

Dit is een spreker, maar my vraag is, het u met mnr. Balfour gereël wanneer u hom van die finale sprekers sal voorsien? -- Nee.

Het u mnr. Balfour op enige stadium voor 26 Augustus 1984 meegedeel wie die sprekers sou wees? -- Ek onthou nie dat ons dit bespreek het nie, dit wil sê wie die sprekers gaan wees op daardie vergadering nie. Ons het wel ontmoet, ek en hy.

Wanneer? -- Tussen die tydperk van die 22ste tot die 26ste, dit wil sê voor die 26ste.

Wat was die doel van die ontmoeting? -- Casual visits.

HOF : Meer as een? -- Ek kan nie onthou of dit meer as een geleentheid was nie.

MNR. HANEKOM : Het u mnr. Balfour op geen stadium tussen 22 en 26 Augustus ontmoet spesifiek oor die vergadering van die 26ste nie? -- Nee.

Ons kom dan by die vergadering van 26 Augustus 1984. Saam met wie is u na die Anglikaanse Kerk vir die vergadering? -- Ek is alleen soontoe.

Op watter stadium het u agtergekom dat mnr. Balfour nie daar was nie? -- Met my aankoms by die kerk.

Het u navraag gedoen na hom? -- Nee.

Op watter stadium het u besluit om voorsitterskap van

die/...

die vergadering oor te neem? -- Na ŉ ruk wat ons daar gestaan het met die hoop dat hy miskien sal opdaag.

HOF : Wat het van hom geword? -- Hy het nooit opgedaag nie.

Weet u hoekom nie? -- Nee.

MNR. HANEKOM : Het u op u eie besluit om die voorsitterskap oor te neem? -- Nee.

Wie het dit besluit? -- Ek onthou dat dit tussen ons, dit wil sê ek en Tsotso, was dat ons besluit het dat die vergadering moet begin en met hierdie besluit het ons ŉ verdere besluit geneem dat ek as ŉ voorsitter moet optree.

Voor die vergadering ŉ aanvang geneem het en terwyl die mense al in die gebou was, wat het hulle gedoen? -- Wat ek onthou is, met my aankoms daar was die kerk toe gewees. Ek is toe weg om ŉ sleutel te kry om oop te maak. Na ŉ rukkie het ek teruggekeer, die kerk oopgemaak. Die mense het toe die kerk binnegegaan. Onmiddellik toe die mense begin het om in te gaan, het ons toe aangegaan met die voorbereidings van die tafels, om dit in posisie te plaas en die stoele.

Maar my vraag is, terwyl die mense binne-in die gebou was, voor die vergadering begin het, het hulle gesing? -- Nee.

Het hulle maar net stil gesit en wag vir die vergadering om te begin? -- Hulle het onder mekaar daar gepraat.

Wie is die mnr. Mosia wat u gevra het om met ŉ gebed te open? -- Dit is ŉ sekere man wat aan my bekend is, ŉ inwoner van die lokasie.

Was hy aan enige organisasie verbonde? -- Nee.

Wanneer het u besluit om hom te vra om te open met gebed? -- Onmiddellik na ek hierdie vergadering - onmiddellik toe ons begin het met die vergadering.

Het/...

Het u dit voor die tyd met hom bespreek of het hy nie geweet daarvan nie? -- Hy het nie voor die tyd geweet nie. Hy het net geweet toe ek hom gevra het.

Hoe het u aan die mense in die vergadering verduidelik, wat was die doel van die byeenkoms? -- Ek het aan die gehoor verduidelik dat die doel van hierdie vergadering was om die gemeenskap bymekaar te kry met die oog daarop om die verhoging van huur te bespreek.

U het mnr. Tsotso aan die woord gestel as eerste spreker? -- Ja, dit is so.

Op watter stadium was daar besluit dat hy 'n spreker sou wees? -- Dit was op die 15de besluit dat hy 'n spreker gaan wees. Nie net hy nie. U moet my verstaan. Dit was besluit dat van die lede van die komitee as sprekers sal optree.

My vraag aan u is wanneer het u besluit dat mnr. Tsotso wel as spreker sou optree en as eerste spreker sou optree? -- Daar is geen besluit wat ek geneem het oor sy begin van die toesprake nie. Hy het my versoek dat hy 'n spreker sal wees.

Dit is die vraag wat ek aan u stel en wat ek nie uit u kan kry nie, op watter stadium was dit duidelik of het hy gevra om te praat? -- Met die aanvang van die vergadering.

Het u en mnr. Tsotso bespreek waaroor hy sou praat? -- Nee, ons het nie.

Was hy die enigste van die komiteelede wat wel versoek het om te praat op die vergadering? -- Op daardie stadium was hy die enigste een waarvan ek bewus was.

Hoe het u mnr. Tsotso voorgestel aan die gehoor? -- Al wat ek gesê het was dat hy ons eerste spreker gaan wees.

<u>HOF</u> : Het u nie gesê wie en wat hy is nie? -- Wat ek gesê

het is dat mnr. Tsotso sal ons eerste spreker hier wees.

MNR. HANEKOM : U getuienis was dat hy in sy toespraak gesê het die raadslede belowe om nie die huur te verhoog nie en hier vandag het hulle dit gedoen. Is dit korrek? -- As ek my getuienis nog goed onthou het ek soos volg getuig. Dat hy gesê het die raadslede het belowe dat die huur nie verhoog sal word nie, maar hier is dit vandag, hulle het nie daarin geslaag om dit te verhoed nie.

Was dit ħ korrekte stelling wat mnr. Tsotso gemaak het aan die gehoor? Het die raadslede inderdaad belowe om nie die huur te verhoog nie? -- Dit is so.

U getuienis was dat op die vergadering van die Bafutsane Party wat u op ħ stadium bygewoon het, het die raadslede net gesê dat hulle belowe hulle sal hulle beste doen om te probeer verhoed dat die huur verhoog word. Hulle het nie ħ belofte gemaak dat die huur verhoog sal word nie. -- Dit is die vergadering wat ek bygewoon het. Wat ek wel van weet is dat dit nie net die Bafutsane Party is wat destyds nog baklei het om verkiesings te kry nie.

HOF : Hoeveel raadslede het julle in Boipatong gehad? -- Ek weet van drie.

Weet u van enige beloftes wat hulle gemaak het? -- Nee, ek weet nie, as gevolg van die feit dat ek nie die vergaderings bygewoon het van die party wat hulle ondersteun het nie. Ek weet eintlik nie by watter party hulle behoort het nie.

Weet u wat hulle name is? -- Ja, een van hulle is Paul Nzunga, mnr. Mpondo en mnr. Shale.

MNR. HANEKOM : Op watter basis sê u dan vir die Hof dit is korrek dat raadslede belowe het hulle sal nie huur verhoog nie? -- Op sterkte van die belofte wat hulle gemaak het

dat/...

dat hulle sal probeer dat daar nie huurverhogings moet wees nie. Ek het verstaan dat hulle sê die huur nie verhoog sal word deur hulle nie. Ek weet nie by ander wyke waar die ander vergaderings gehou het of hulle nou beloftes gemaak het aan die mense dat die huur nie verhoog gaan word nie.

Maar wat u betref het u net gehoor raadslede sê hulle sal probeer om nie die huur te verhoog nie? -- Dit is wat ek gehoor het by die vergadering te Boipatong wat ek bygewoon het.

HOF : Maar nou hierdie drie persone wie se name u genoem het, is hulle lede van die Bafutsane Party? -- Nee, ek het gesê ek het nie geweet aan watter party hulle behoort het nie.

MNR. HANEKOM : Het u enige beloftes gehoor van enige van die drie raadslede van Boipatong? -- Ek het geen vergadering bygewoon waar hulle as sprekers opgetree het nie.

Hoe is mnr. Tsotso se voorstel dat die verhoogde huur nie betaal moet word voordat daar nie gepraat is met die mense by Houtkop nie, deur die gehoor ontvang? -- Dit was
K689 goed aanvaar.

Hoe het mnr. Tsotso gesê moet die inwoners 'n beroep doen op die raadslede om te bedank? Hoe moet die inwoners te werk gaan met die beroep? -- Hy het dit nie verduidelik hoe dit gedoen moet word nie.

Het hy gesê wat sou gebeur as die raadslede nie aan die oproep gehoor gee nie? -- Nee.

Het hy uitgebrei in sy toespraak wie sou gaan praat met die mense in gesag by Houtkop oor die verhogings? -- Nee, hy het nie.

Het hy gesê wanneer dit sou gebeur? -- Nee.

HOF/...

HOF : Maar het hy gesê dat ŉ groepie moet gaan praat of dat die gemeenskap moet gaan praat? -- Sover ek van sy toespraak kan onthou het hy die volgende gesê, dat die verhoogde huur nie betaal moet word alvorens daar ŉ gesprek uitgevoer is met die persone in Houtkop wat die owerhede is nie.

MNR. HANEKOM : Het hy gesê met watter mense in Houtkop gepraat moes word? -- Hy het gesê die persone in beheer wat te Houtkop is.

Wie was dit? -- Hy het nie verduidelik nie.

Maar hoe het u en die gehoor dit verstaan, wie is die mense in beheer van Houtkop? -- Wat ek verstaan het was dat die raadslede het kantore daar tesame met die Administrasieraad.

HOF : Wat het u gedink met wie moet gepraat word? -- Wat dan in my gedagte was, was die volgende. Aangesien daar nou ŉ beroep gedoen was dat die raadslede moet bedank, sou dit dus afgehang het wie die oorblywende persone is met wie hierdie gesprek gevoer kan word.

Maar nou het ek dit nie duidelik nie. Daar is ŉ paar moontlikhede. Die een is dat hulle nog nie bedank voordat julle daar uitkom nie, die ander is dat net die helfte bedank en die ander is dat almal bedank. Wie het u gedink gaan mee gepraat word? -- Die Vaal Administrasieraad.

MNR. HANEKOM : Wat het u gedink sou gebeur as die inwoners Tsotso se voorstel aanvaar om nie die verhoging in huur te betaal nie? Sou hulle huise dan nie toegesluit word en hulle weer uitgesit word uit die huise uit nie? -- Nee, omrede daar besprekings uitgevoer sou gewees het aangaande hierdie aangeleentheid.

HOF : Maar dan was die besprekings tog eminent, want die

huur/....

huur moet betaal word op 1 September en dit was nou 26 Augustus. Daar moet dus dadelik reëlings getref word dat iemand gaan praat. -- Dit moet nie vergeet word dat dit nog net voorstelle was aan die kant van mnr. Tsotso en dit was nog nie besluite wat geneem was deur hierdie vergadering nie. Dus, daar was nog nie besluite geneem aangaande die voorstelle nie.

MNR. HANEKOM : Ek verstaan nie die antwoord nie, want die besluit is inderdaad in die vorm van ʼn resolusie aanvaar op die vergadering en nie net in die vorm dat die verhoging nie betaal moet word nie, maar dat die huurgeld hoegenaamd nie betaal moet word nie. -- Dit was na al die sprekers die toesprake gemaak het. Toe was daar resolusies geneem.

Dan vra ek weer vir u, as dit ʼn resolusie was dat huur hoegenaamd nie betaal moes word nie, sou dit mos die effek hê dat die mense uit die huise gesit word? -- Nee.

Wat sou dan gebeur as hulle ophou huur betaal? -- Die gemeenskap daar het ʼn mandaat aan die tydelike komitee gegee om toe te sien tot die uitvoering van die gemeenskap se besluite wat hier geneem was.

Wat het u gedink sou gebeur? -- Dat daar besprekings sal wees.

HOF : Kan ek net duidelikheid kry daaroor. Voor 3 September het die tydelike komitee enige stappe gedoen om kontak te maak met die owerhede? -- Die tydelike komitee was nie so ʼn mandaat gegee nie, in die sin dat dit nie die besluit was van die vergadering op die 26ste nie.

Nee, maar ek het nie duidelikheid daar nie. Die huur sou nie betaal word nie, daar sou geen huur betaal word in Boipatong totdat daar gepraat word met die owerhede nie?

Watter/...

Watter stappe is daar dan geneem om kontak te maak met die owerhede? -- Daar was geen stappe gewees nie. Die rede daarvoor was dat die vergadering van die 26ste het besluit dat op die 3de 'n wegbly-aksie gaan wees en dan gaan daar 'n optog wees na Houtkop toe met die gemeenskap waar hierdie tydelike komitee dan vir die eerste keer kontak sou gemaak het met die besprekings wat uitgevoer sou word met die owerhede daar.

MNR. HANEKOM : Het Tsotso gesê hoe die boodskap aan die raadslede oorgedra moet word dat hulle moet bedank? -- Nee, hy het dit nie in hierdie tyd gesê nie. Hy het dit nie verduidelik nie.

Het hy gesê wie die boodskap moet oordra? -- Nee, hy het nie verduidelik nie.

Het hy gesê wanneer die raadslede moet bedank? -- Nee, hy het nie.

Wat het u self gedink hoe moes die boodskap by die raadslede tuisgebring word? Dit is op die stadium toe Tsotso sy toespraak gelewer het?-- Wat ek verstaan het was dat die komitee of die gemeenskap sal moet besluit hoe hierdie boodskap oorgedra moet word.

Het die komitee op enige stadium so 'n besluit geneem, op enige stadium? -- Die gemeenskap het die besluit geneem dat op die 3de met die optog na Houtkop dan sal dit daar uitgevoer word.

HOF : Sal wat uitgevoer word? -- Die beroep dat die raadslede moet bedank.

Sou u dan by Houtkop vir die raadslede gaan sê "Julle moet bedank"? -- Dit sou op die volgende manier plaasgevind het- Die beroep sou oorgedra gewees het aan die Administrasie-

raad/...

raad wat dan hierdie boodskap sou oorgedra het aan die raadslede dat dit die beroep is van die gemeenskap dat die raadslede moet bedank.

MNR. HANEKOM : Het die komitee op enige stadium bespreek wat die volgende stap sou wees as die raadslede weier om te bedank?

HOF : Is ons nou by die vergadering of is ons by die komitee?

MNR. HANEKOM : Op enige stadium, is my vraag.

HOF : Kyk, daar is ŉ komitee gekies op die vergadering. Daar is ŉ komitee voor die vergadering. Van watter komitee praat u?

MNR. HANEKOM : Ek sal dit net duidelik stel, die komitee op die vergadering.

HOF : Gekies?

MNR. HANEKOM : Gekies. -- Het ek u reg verstaan dat u vraag is of die komitee enigiets bespreek het aangaande wat gedoen sal word indien die raadslede besluit om nie te bedank nie.

Dit is reg. -- Nee, daar was geen so ŉ bespreking gewees nie.

Wat was die besluit? Sou die mense voortgaan om te weier om huur te betaal, al weier die raadslede om te bedank? -- Wat ek verstaan het was die volgende. Dat op die 3de die gemeenskap ŉ optog sal uitvoer na Houtkop toe, waar hulle gaan voorstel dat weens die feit dat dit moeilik is vir hulle om die huur te kan betaal soos dit verhoog is, dat daar weggedoen word met die verhoogde huur en die gedagte was dat dit aanvaar sal word deur die owerhede.

Maar die vraag was, het u oorweeg wat sal gebeur as dit nie aanvaar word deur die owerhede nie? -- Nee, dit het nie in my gedagte gekom nie.

HOF : Het u enigiets waarop u die stelling baseer dat die gedagte was dat die voorstel aanvaar sou word dat die verhoogde huur mee weggedoen word? -- Ja, wat ek in gedagte gehad het, was die volgende. Weens die feit dat dit nie van die gemeenskap se gevoelens verneem was wat hulle voel oor hierdie verhoging van die huur nie, het ek aanvaar dat as die gemeenskap nou na die owerhede toe gaan en vir die owerhede hierdie as ŉ grief oordra en sê kyk, ons kan nie hierdie geld bekostig nie, sal dit dan in aanmerking geneem word dat die mense se gevoelens nie gevra was alvorens die verhoging van die huur nie. Dus sou dit beïnvloed het dat dit in die guns van die gemeenskap se versoek oorweeg word en daarmee weggedoen word.

MNR. HANEKOM : Het Tsotso op enige stadium in sy toespraak verwys dat die inwoners gaan swaar kry met die verhoging van huurgeld?-- As ek nog reg onthou - al is dit nie so goed duidelik nie - het hy melding daarvan gemaak dat die verhoogde huur moeilik gaan wees vir die gemeenskap om te bekostig.

Maar dan het Tsotso mos nie gedoen wat julle wou doen op die vergadering nie? Die doel van die vergadering was om die gemeenskap se gevoel te toets. Nou kom dra hy sy gevoel oor aan die gemeenskap? -- Dit is presies so. Dit is eintlik reg soos u dit stel. Die kwessie dat Tsotso lid of deel van die komitee was, affekteer nie die posisie dat hy ŉ lid van die gemeenskap is nie. Hierdie vergadering was daar bymekaar geroep met die oog daarop dat die inwoners se gevoelens nou daar getoets moet word. Dus het hy daar opgetree as ŉ lid van die gemeenskap.

HOF : Maar as u nou die inwoners se gevoelens wil toets en ŉ saak behoorlik voor hulle stel, het u ooit daaraan gedink

om/...

om 'n Stadsraadlid te nooi om ook die vergadering toe te spreek om die ander kant van die saak te stel? -- Nee, maar die Stadsraad se geval was alreeds bekend. Hulle het die huur verhoog.

MNR. HANEKOM : Maar moes die Stadsraad nie geleentheid kry om te kom verduidelik wat die noodsaak was in hulle opinie vir die verhoging van die huur nie? -- Hulle moes dit eers gedoen het.

Moes u nie die drie raadslede van Boipatong geleentheid gee om te kom verduidelik waarom hulle nie aan hulle beloftes kon voldoen nie? -- Hulle moes dit gedoen het alvorens hulle die huur verhoog het.

Was daar nie vergaderings van raadslede in Boipatong om die beoogde verhoging van huur te verduidelik nie? -- Nee, daar was nie.

HOF : Was daar nie op 29 Augustus 'n vergadering nie? -- Nee, daar was nie.

MR TIP : My Lord, if my memory serves me right that evidence related to Bophelong on the 29th.

COURT : You are probably right. Thank you.

MNR. HANEKOM : Ek wil net een ander aspek by u duidelik kry. U het nou telkens verwys na die gemeenskap wat besluite geneem het op 26 Augustus 1984. Wat sou u sê was die inwonertal van Boipatong in 1984?

HOF : Het ons dit nie op drieduisend gehad nie.

MNR. BIZOS : Vyf.

HOF : Vyfduisend. -- Ek skat dit ongeveer vyfduisend. Ek is nie seker nie.

MNR. HANEKOM : En u getuienis was dat op die vergadering was daar agthonderd mense plus teenwoordig? -- Dit is so.

En/...

En was die agthonderd mense op die vergadering almal inwoners van Boipatong of was daar ook mense van ander gebiede? -- Behalwe die drie was almal.

Hoe kan u dan sê dit is die gemeenskap van Boipatong wat besluite geneem het op 26 Augustus? Hoe kan die agthonderd mense die vyfduisend verteenwoordig?-- Hierdie vraag van u is baie verbasend, want as ek miskien mag vra en ŉ voorbeeld maak. Hierdie drie raadslede, hoeveel mense verteenwoordig hulle daar in daardie gebied van die Vaal? En dit word gesê dat hulle die gemeenskap van Boipatong verteenwoordig.

Is dit ŉ antwoord op my vraag? -- Dit is die antwoord wat ek gee, ja.

Het dit nooit by u opgekom dat die vierduisend ongeveer mense van Boipatong wat nie by die vergadering op 26 Augustus was nie, miskien juis nie daar was omdat hulle juis nie saamgestem het met wat daar besluit is op 26 Augustus nie en wat daar bespreek is nie? -- Mense het ander redes miskien wat hulle kon verhoed het om die vergadering by te woon. Byvoorbeeld, dit was ŉ Sondag gewees. Van die mense was kerk toe.

Is daar kerkdienste in die middae om 13h00 in Boipatong? -- Daar is baie verskillende tipe van kerkdienste wat daar gehou word, wat dan op verskillende tye begin het. Ek kan vir u sê dwarsdeur die dag is daar kerkdienste gehou by verskillende mense se gelowe.

Al wat u vir ons gesê het van mnr. Tsotso se toespraak is dat sy toespraak net ŉ aanval eintlik was op raadslede en ŉ aanmoediging van die mense om nie hulle verpligtinge na te kom nie?

MR BIZOS : "Verpligting" on the evidence is in fact incorrect. The notice was published on 17 August and the increased

rent/...

rent was not in fact payable in law on 1 September.

HOF : That is semantics. As far as the audience was concerned it was an "aanmoediging om nie hulle verpligtinge na te kom nie." Die vraag word toegelaat. -- Herhaal die vraag vir my?

MNR. HANEKOM : U getuienis is dat mnr. Tsotso se toespraak net ŉ aanval was op die raadslede en ŉ aanmoediging aan die toehoorders om nie hulle verpligtinge met betrekking tot die huur na te kom nie? -- Ek stem nie saam met u stelling nie as geheel. Ek het gehoor dat mnr. Tsotso in die eerste plek sy gevoel bekend gemaak het en ŉ voorstel gemaak het aan die gehoor daar. Met ander woorde, dit het van die gehoor afgehang of hulle nou aanvaar wat hy gesê het of nie. Verder, dit was vir die gemeenskap om te besluit en nie vir hom om namens die gemeenskap ŉ besluit te neem nie. Tweedens, ek aanvaar nie u stelling dat hy die aanval geloods het op die raadslede nie. Hy het net melding gemaak van wat bekend was aan die gemeenskap as geheel. Hierdie raadslede tydens die verkiesings, het die gemeenskap belowe dat hulle nie die huur sal verhoog nie. Op grond daarvan stem ek nie saam met u stelling nie.

Dan sê u as mnr. Tsotso aan die mense oordra dat die raadslede nie daarin geslaag het om die mense se vertroue te behou nie, omdat hulle nie hulle beloftes nagekom het nie, dat dit nie ŉ aanval is op hulle nie? -- Nee, dit is nie ŉ aanval op hulle nie. Die persoon noem die feite soos hulle is.

HOF : Bedoel u dan dat ŉ mens iemand net aanval wanneer jy valse feite gee? -- Jy kan nie ŉ persoon aanval met die waarheid nie.

Ek het altyd die spreuk gehoor "Die waarheid maak seer."

Aan/...

-- Aan diegene wat nie die waarheid wil aanvaar nie, ja.

MNR. HANEKOM : Sy voorstel dat die verhoogde huur nie betaal moet word voordat daar nie by Houtkop gepraat is nie, is dit nie ŉ aanmoediging van die mense om nie hulle verpligtinge na te kom nie? -- Ek volg nie u vraag nie.

Die vraag is, mnr. Tsotso se voorstel dat die verhoogde huur nie betaal moet word voordat daar nie by Houtkop gepraat is met die mense nie, is dit ŉ aanmoediging aan die mense om nie hulle verpligtinge na te kom nie?

HOF : Daardie vraag is al gevra. Volgende vraag.

MNR. HANEKOM : Sy beroep op die inwoners om ŉ beroep op die raadslede te doen om te bedank, is dit nie ŉ poging om weg te doen met die raadstelsel en die raadslede nie? -- Nee, ek het dit nie so verstaan nie.

Hoe het u vir Edith wat die volgende spreker was aan die gehoor voorgestel? -- Ek het haar voorgestel as ŉ spreker van die VCA.

Het sy in haar toespraak melding gemaak of wat het sy melding van gemaak wat in Sebokeng gebeur het? -- Dat sy melding gemaak het in haar toespraak aangaande Sebokeng was dat op die vorige dag, naamlik die 25ste, was daar ŉ vergadering gewees te Sebokeng waar die gemeenskap ŉ besluit geneem het dat daar op die 3de ŉ wegbly-aksie gaan wees.

Het sy gesê wie se vergadering dit was in Sebokeng? -- Sy het gesê die gemeenskap van Sebokeng het ŉ vergadering daar gehou.

Het sy gesê wat die wegbly-aksie op die 3de sou behels? Watter persone dit almal sou insluit? -- Nee, sy het dit nie verduidelik nie.

Wat het sy gesê met betrekking tot ŉ wegbly-aksie vir

die/...

die mense van Boipatong? -- Sy het ʼn voorstel gemaak dat die inwoners van Boipatong dit moet oorweeg of hulle ook nie so ʼn besluit kan neem nie.

Het sy dit gemotiveer, die voorstel van haar? -- Wat sy gesê het was, hierdie besluit was geneem om ʼn aanduiding te maak dat daar teen die huurgeld opgetree word.

Het sy gesê of die skole moes funksioneer op 3 September of nie? -- Nee.

HOF : Sy het niks van skole gesê nie? -- Nee.

MNR. HANEKOM : Toe u dit later as ʼn resolusie op BEWYSSTUK AT6 genotuleer het, "To stay at home on Monday", wat het u daaronder verstaan? Wie sou almal wegbly?

MR TIP : My Lord, that is not exactly the evidence. The evidence of the witness is that these were in fact notes made in the course of the speeches that were given and prior to the formal adoption of them as resolutions.

HOF : Volhard u met die vraag?

MNR. HANEKOM : Ek sal dit dan anders stel. Dit was as ʼn resolusie aanvaar op 26 Augustus by die vergadering om by die huis te bly op Maandag, 3 September? -- Ja, daar was so ʼn resolusie gewees, maar dit het nie daar geëindig nie. Dit het voortgegaan deur te sê dat daar moet na Houtkop toe gegaan word.

Maar die vraag is wat het die resolusie van die wegbly behels? Wie moes almal by die huise bly? -- Toe hierdie resolusie aanvaar was daar, wat ek aan gedink het was dat al die persone wat geraak word deur die huur is eintlik betrek in hierdie wegbly-aksie.

Was die voorstel van die wegbly-aksie nie volledig bespreek dat dit as ʼn resolusie aangeneem is nie? -- Ek

kan/...

kan nie onthou dat dit breedvoerig bespreek was in die opsig dat dit duidelik gemaak was wie moet werk toe gaan en wie nie moet werk toe gaan nie.

Is daar tydens die bespreking van die voorstel enige melding gemaak van wat met die skole sou gebeur op 3 September 1984? -- Nee.

En met die busdienste? -- Wat die busdienste betref, dit was deur Esau gemeld na hierdie resolusies aanvaar was.

Maar ek vra vir u, op die stadium toe die voorstelle bespreek was voordat dit as resolusies aanvaar is? -- Op hierdie stadium toe die resolusies bespreek was, was geen melding gemaak van busdienste nie.

Wat het u verstaan onder die resolusies? Sou die skole funksioneer op die 3de en sou die busdienste funksioneer? -- Ongelukkig het dit my nie bygeval om daaroor te dink van die busdienste en die skole nie, want al wat gebeur het in my gedagte was volgens hierdie resolusie die mense wat geraak word deur die huur sal deelneem aan die wegbly-aksie. Dus was daar nie vir my 'n uitsondering gewees toe ek daaraan gedink het nie.

Met ander woorde, wat u betref, dit was nie vir loseerders en vir skoolkinders wat nie huur betaal nie? -- Kan u verduidelik watter tipe van loseerders praat u van? In watter opsig?

Mense wat by privaat mense loseer in die woongebied en wat nie huur aan die Administrasieraad betaal nie? -- Dit is nie vir my soos u dit nou stel nie, maar ek sal dit so aan u verduidelik. As u praat van 'n loseerder wie nie direk huur betaal aan die Administrasieraad nie, maak dit aan my nie 'n verskil van 'n persoon wat 'n huurder is van 'n huis nie,

want/...

want as dit so gebeur dat die huur verhoog word, vir my as ’n houer van ’n permit by die Administrasieraad, byvoorbeeld van R65,00 na R67,00 terwyl my loseerder my R20,00 betaal het vir die maand, dan gaan ek daardie loseerder se huurgeld ook verhoog. Hierdie persoon word ook tot ’n mate deur die huurverhoging geaffekteer.

Wat was u waarneming op die oggend van 3 September 1984? Het die skole gefunksioneer daardie oggend in Boipatong? -- Die skole is ver van my woning af geleë en toe ek my woning verlaat het, het ek nie in die rigting van die skole, waar die skole geleë is, geloop nie.

U getuienis was dat u broers en susters gehad het wat op skool was op daardie tydstip. Het hulle die oggend skool toe gegaan? -- Ek het my woning verlaat om 07h00. Ek het nie opgelet of hulle mense was wat al klaar voorbereidings gedoen het om skool toe te gaan, al dan nie.

<u>HOF</u> : U meen, u weet nie of hulle sou skool toe gaan daardie dag nie? -- Ek het dit nie met hulle bespreek nie.

Maar het hulle nie gevra "Maar kan ons nie ook maar tuis bly nie?" -- Nee.

<u>MNR. HANEKOM</u> : En toe u later die oggend van 3 September terugkom by die huis, was die kinders by die skool of nie? -- Die kinders by die huis was tuis.

<u>HOF</u> : Wat bedoel dit? Bedoel dit nie-skoolgaande kinders? -- As ek reg is was die vraag gemik op die skoolgaande kinders by my huis, of hulle tuis was met my terugkoms. Die antwoord is, hulle was tuis.

Hoeveel van hulle was daar?-- Met my aankoms daar het ek nie opgelet hoeveel van hulle tuis was nie. Ek het wel gesien dat hulle tuis was omdat hulle daar buite gespeel het.

Hoeveel/...

Hoeveel skoolgaande kinders was daar daardie tyd?-- Vier van hulle.

En hoe laat het u tuis gekom? -- Dit was tussen 09h00 en 10h00. Ek is nie seker hoe laat dit was nie.

MNR. HANEKOM : Het u hulle toe nie gevra hoekom hulle nie by die skool was nie? -- Nee.

Toe die wegbly-aksie bespreek is op die vergadering van 26 Augustus 1984, was daar enige melding gemaak na noodsaaklike en mense wat betrokke is in daardie dienste? -- Nee.

U getuienis was dat Edith se toespraak begin het deurdat sy gesê het dit was belangrik vir mense om bymekaar te kom, want dan sal hulle in staat wees om hulle probleme op te los. Het sy daarop uitgebrei? -- Nee.

HOF : Bedoel u nou met bymekaar kom, dat hulle bymekaar kom in ŉ vergadering of bedoel u eintlik saamstaan in die sin van eendragtig wees? -- Ek het verstaan dat sy bedoel het dat hulle saamstaan in die sin dat hulle in die probleme in kyk wat hulle ondervind het en tot hulle ŉ oplossing kry hoe om die probleem opgelos te kry.

MNR. HANEKOM : Het sy gesê na watter probleme sy verwys wat so opgelos sou kon word? -- Die verhoging van huur.

Wel, dit is een probleem. Wat is die ander probleme? -- Hierdie vergadering het die verhoging van huur bespreek en niks anders nie.

Dit is u getuienis. U getuienis was dat sy gesê het die mense sal in staat wees om hulle probleme op te los. -- Ja. Dit was my getuienis dat ek na probleme verwys het, maar in hierdie spesifieke geval omdat hierdie vergadering bymekaar geroep was aangaande hierdie probleem van die huur, het sy dus hier verwys na dié probleem as huur.

Het/...

Het Edith in haar toespraak gemeld dat die huur vir die inwoners 'n swaar las sal wees, die verhoging van huur? -- Ja, dit is so, sy het gesê dit sal swaar wees vir die mense.

Met ander woorde, sy het weer haar gevoel oorgedra aan die gemeenskap of aan die teenwoordiges? -- Ek het verstaan dat sy dit so genoem het as gevolg van haar ondervinding van hoe die huur 'n swaar las gaan wees vir die mense.

Het sy gesê wat daaromtrent gedoen moes word? -- Ja, na dit het sy toe 'n voorstel gemaak en toe melding gemaak in die voorstel dat Sebokeng se inwoners het besluit op 'n wegbly-aksie op hierdie dag van die 3de.

Hoe sou 'n wegbly-aksie hulle probleem van die verhoogde huur oplos? -- Nee, sy het nie verduidelik nie.

U het gesê sy het haar ondervinding oorgedra aan die gehoor. Wat se ondervinding was dit? Wat het sy gesê, wat se ondervinding het sy oor die verhoogde huur? -- Nee, dit is nie wat ek gesê het nie.

Goed, ek sal dit daar laat.--Ek het gesê dit is hoe ek haar verstaan het dat sy dit so gesê het as gevolg van haar eie ondervinding wat sy het. Dit was my eie opinie.

Het Edith in haar toespraak enigsins verwys na raadslede? -- Nee, ek kan nie onthou nie.

Wie het sy blameer vir die verhoging van huur? -- Ek kan nie onthou dat sy enigiemand daarvoor blameer het nie. Al wat ek onthou is dat sy gesê het die verhoging op huur sal swaar wees vir mense.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

SEKWATI JOHN MOKOENA, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM : Mnr. Mokoena, het Edith in haar toespraak enige vermelding gemaak van die organisasie VOW, Vaal Organisation of Women? -- Nee.

Aan die getuie Mohape is dit gestel in Volume 39 op bladsy 1 898 dat Edith 'n beroep gedoen het op die vrouens om aan te sluit by die Vaal Organisation of Women? -- Die enigste persoon wat ek kan onthou wat so iets gesê het, is Veronica Mbongo.

HOF : *Dit is nie in Volume 39 nie.*

MNR. HANEKOM : Volume 40, ekskuus Edele. U het nie die instruksie aan die verdediging gegee dat Edith dit in haar toespraak gemeld het nie? -- Dit kan wees dat daardie fout miskien daar ingesluip het.

Ek volg nie u antwoord nie? -- Die antwoord is, ek is die persoon wat die instruksies gegee het aan die verdediging. Dit kan wees dat daardie fout daar begaan was.

HOF : *Deur wie?* -- Ek is nie op die oomblik seker deur wie die fout gemaak was nie. Wat ek onthou is dat 'n persoon wat daardie woorde gebesig het is Mbongo.

MNR. HANEKOM : Hoe het u Mbongo voorgestel aan die gehoor? -- Ek het haar voorgestel as 'n spreker van Bophelong wat eintlik aan die Civic Association behoort van Bophelong.

Is u getuienis korrek dat sy gesê het vir die vroue dit is belangrik vir hulle om te verenig, om te "unite" en om 'n organisasie van hulle eie te stig, te vorm of te stig? -- En toe voortgegaan deur te sê daar is reeds 'n organisasie wat bekend staan as VOW.

Maar het sy ook gesê die vrouens moet hulle eie organisasie stig? -- Ja, dat hulle 'n organisasie moet stig te

Boipatong/...

Boipatong wat ʼn organisasie is van VOW.

HOF : Met ander woorde ʼn tak van VOW? -- Dit is hoe ek haar verstaan het.

MNR. HANEKOM : Wat het sy gesê waarom was dit belangrik vir hulle om dit te doen? -- Sy het nie verduidelik nie.

Het sy aan die gehoor gesê dat die verhoging in huurgeld ʼn swaar las op hulle sal wees? -- Nee, ek onthou nie.

Onthou u nie of sy dit gesê het nie of sê u sy het dit nie gesê nie? -- Ek sê ek onthou nie dat sy so gesê het nie.

Het sy enigiets van die verhoogde huur gepraat? -- Nee, ek onthou nie.

Wel, dan het sy in die eerste plek glad nie gedoen in die toespraak wat u haar versoek om te kom doen nie, om te kom praat oor die verhoging van huur nie? -- Sy het in die boek van die "Lamentations" gelees waar hierdie boek van probleme melding maak en sy het daardie probleme wat na verwys word in die boek vergelyk met die probleme wat die mense nou ondervind. Op hierdie manier het ek verstaan dat sy haarself beperk met die verwysing na die probleme wat die mense self destyds ondervind het.

Het sy die probleme genoem by name of nie? -- Bedoel u die probleme wat sy na verwys het in vergelyking met die probleme wat sy van gelees het uit die Bybel uit?

Ek vra u net, het sy die probleme by name genoem wat die mense ondervind? -- Nee.

In u hoofgetuienis, dit is Volume 213 op bladsy 11 262 is u getuienis die volgende "On saying this (en dit verwys terug na haar beroep dat die mense ʼn organisasie moet stig) she said the problems which are going to be created by the increase on rent are going to be a heavy burden on the

women/...

women. That is what I remember." -- Ja, dit is so.

Dit bots met u getuienis nou waar u sê u kan nie onthou of sy gesê het die verhoging van huur gaan 'n swaar las op die mense wees nie. -- Bots dit met my getuienis nou?

Ja, u getuienis was u kan nie onthou of sy gesê het die verhoging van huur gaan 'n swaar las op die mense te weeg bring nie? -- Ek vind nie enige botsing daar nie, want ek het nou net gesê ek kan nie onthou nie.

Het Veronica Mbongo enigsins verwys na raadslede in haar toespraak? -- Nee.

Het sy enigiemand of iets blameer vir die verhoging van die huur? -- Iemand blameer of iets blameer?

Ja? -- Nee.

Het sy melding gemaak van die voorgestelde wegbly-aksie op 3 September 1984? -- Nee.

Het sy nie in haar toespraak gesê sy ondersteun die voorstel wat deur Edith gemaak is nie? -- Nee.

Het die getuie Mohape 'n toespraak gemaak op die vergadering? -- Ek kan nie onthou nie.

Het u self 'n toespraak gemaak? -- Nee, behalwe om Tsotso se toespraak te verduidelik na hy die toespraak gelewer het. Ek het in kort 'n opsomming daarvan gemaak sover as wat ek dit verstaan het.

Het u na elke ander spreker se toespraak die punte saamgevat van belang in die toespraak of was dit net in die geval van Tsotso? -- Ek het dit gedoen net ten opsigte van Tsotso.

Was daar na Veronica Mbongo enige ander sprekers, noem dit formele sprekers op die vergadering? -- Nee.

Is daar na Veronica Mbongo se toespraak oorgegaan tot die bespreking van voorstelle en die neem van resolusies?

Dit/...

-- Dit is so.

Hoe het u te werk gegaan om resolusies aanvaar te kry op die vergadering? -- Soos die toesprake daar gelewer was deur die sprekers, was daar toe voorstelle gemaak wat ek genotuleer het. Op hierdie stadium het ek hierdie voorstelle voorgelees aan die gehoor soos dit neergeskryf was deur my.

En is dit die drie voorstelle soos neergeskryf is op bladsy 2 van BEWYSSTUK AT6? Dit is onder die opskrif "resolutions"? -- Dit is so.

Was dit die enigste voorstelle wat u aan die vergadering voorgehou het of het u ook ander voorstelle voorgehou? Hierdie wat ek na verwys is wat ek genotuleer het tydens die toesprake van die spreker. As gevolg van die derde voorstel wat daar op geskryf staan was daar toe ŉ ander voorstel gewees wat aangeneem was. Dit wil sê dit is die optog na Houtkop toe.

Sal u nou asseblief die vraag antwoord. Het u self enige ander voorstelle voorgehou aan die vergadering? -- Nee, behalwe hierdie drie voor die Hof nou.

Hoe is te werk gegaan om die voorstelle aanvaar te kry as resolusies? -- Ek het ŉ voorstel aan die gehoor gelees en toe verneem van die gehoor wat die gevoel is van die gehoor omtrent hierdie voorstel wat ek gelees het.

HOF : Bedoel u nou moes hulle skreeu "Ja" of moes hulle hulle hande opsteek of het u ŉ formele stemming gehou of hoe het u die gevoel getoets? -- Die voorstelle is deur my aan die gehoor gelees met die verstandhouding dat diegene wat dit ondersteun sal van die gehoor opstaan en sê dat hy of sy dit ondersteun en redes aanvaar hoekom die persoon so besluit het. Dieselfde geld vir die een wat sou besluit het om

nie saam te gaan met hierdie voorstel nie, dat die persoon ook redes sal aanvoer hoekom die persoon nie met die voorstel saamgaan nie.

MNR. HANEKOM : U getuienis was dat wat die eerste voorstel betref ene Dora Masuwane voorgestel het dat instede van voor te stel dat net die verhoging van huur nie betaal word nie, die huur in geheel nie betaal moet word nie. Is dit korrek? -- Ja, dit is so.

Het enige ander persone vir of teen die voorstel gepraat? -- Daar was wel ander persone gewees wat saam met Dora Masuwane gestem het op hierdie voorstel wat sy, Dora, gemaak het.

Was daar enige bespreking oor die tweede voorstel dat raadslede gevra word om te bedank? -- Na ek hierdie voorstel gelees het aan die gehoor was daar wel mense wat opgestaan het wat dit ondersteun het. Na die persone dit ondersteun het, het die gehoor as geheel dit so aanvaar. Daar was dus niemand gewees wat gekant was teen hierdie voorstel nie.

Waarom het u op AT6 die woord "confont" gebruik? "Confront local town councils to resign pronto"? -- Dit is woorde wat maklik in my woordeskat beskikbaar was by daardie tydstip toe dit gemeld was.

Maar was die voorstel dat die raadslede konfronteer moet word of was dit u eie woord? Het u besluit op die woord? -- Toe die spreker daardie toespraak gelewer het, het die spreker die woorde gebruik dat daar 'n beroep gemaak sal moet word dat die raadslede moet bedank. Ek het toe aanvaar as gevolg van daardie woorde dat die persoon sê dat die raadslede genader moet word met die oog daarop dat hulle ingelig sal word dat hulle moet bedank.

Stem/...

Stem u met my saam dat die woord konfronteer beteken meer as om raadslede te nader of om die woorde van u te gebruik "to call on them"? -- Ek het verstaan toe die spreker hierdie toespraak gelewer het dat die spreker bedoel dat ons moet - daar moet na die raadslede toe gegaan word om vir hulle te gaan sê dat hulle, die raadslede, moet bedank.

Het die spreker gesê wie en wanneer daar gegaan moet word na die raadslede toe? -- Nee.

HOF : Wie was die spreker? -- Ek onthou hierdie voorstel se oorsprong as mnr. Tsotso.

En hy het in watter taal gepraat? -- In Xhosa.

MNR. HANEKOM : U het mnr. Tsotso se toespraak in hoofpunte saamgevat na die tyd in watter taal? -- Sotho.

HOF : Die vergadering was blykbaar hoofsaaklik in Sotho, was dit nie? -- Die meeste, dit wil sê die sprekers daar het hulle toesprake in Sotho gemaak. Die enigste persoon wat verskil het was Tsotso wat in Xhosa ŉ toespraak gelewer het.

Waarom is die besluite nie in Sotho genotuleer nie? -- Dit het ek nie genotuleer vir die gebruik deur ander mense nie. Ek het dit net genotuleer vir myself om dit te kan lees.

U kan seker Sotho ook skryf? -- Ja, ek skryf Sotho.

Nou waarom is dit nie in Sotho geskryf nie? -- Ek het verkies om dit in ŉ Blanketaal, naamlik Engels te skryf.

MNR. HANEKOM : Die laaste woord van Item 2 "Confront local town councils to resign pronto", wat het u bedoel met "resign pronto"? -- Ek het verstaan dat hy bedoel dat hulle onmiddellik sal moet bedank.

Het hy dit gesê? -- Dit is hoe ek hom verstaan het.

Het u dit ook so in Sotho vertolk van Xhosa af? --

Ek/...

Ek kan nie so goed onthou of ek daardie woorde gebruik het of nie.

HOF : Die woord "onmiddellik" of die woord "pronto"? -- Hierdie woord "pronto" want ek verstaan dit beteken onmiddellik.

Wat se taal is dit? -- As ek nie verkeerd is nie is dit Meksikaans.

Gaan u baie bioskoop toe? -- In my tyd toe ek nog geg het, het ek bioskoop toe gegaan.

MNR. HANEKOM : Op die stadium toe die voorstelle aan die vergadering voorgehou is om te besluit of hulle dit aanvaa of nie, op daardie stadium het niemand van die toehoorders die vergadering toegespreek gehad nie. Is dit reg? Nieman van Boipatong nie?

HOF : O, geen man van Boipatong het gepraat behalwe mnr. Tsotso voordat die resolusies aan die vergadering gestel is nie?

MNR. HANEKOM : Dit is wat ek wil oordra.

HOF : Ja, maar ek het nou verstaan dat hulle oopgestel is vir bespreking. Nie gestel is vir stemming nie?

MNR. HANEKOM : Nee, toe die voorstelle aan die vergadering deur die getuie voorgelees is.

HOF : Goed, ja. -- Verstaan ek u reg, dit is voordat ek hierdie voorstelle oorgelees het aan die gehoor?

Op die tyd toe u dit voorlees aan die gehoor. Net voo dit het niemand gepraat van Boipatong nie, behalwe Tsotso? -- Ja, dit is hoe ek onthou.

MNR. HANEKOM : Met ander woorde, op daardie stadium toe di vergadering moes besluit op hierdie voorstelle, was daar nog geen voorstelle van die mense van Boipatong nie, behal

Tsotso/...

Tsotso? -- Dit is so.

Op daardie stadium het u nog nie geweet wat die gevoel van die mense van Boipatong oor die huurverhogings is nie ? -- Dit is so.

Niemand van Boipatong was ook nog uitgenooi op daardie stadium om sy gevoel oor die huurverhoging oor te dra nie, behalwe Tsotso? -- Ja, dit is so, want daar was nog nie ŉ ander spreker gewees wat ŉ toespraak gelewer het behalwe mnr. Tsotso nie.

Met ander woorde, die vergadering het glad nie die doel wat hy self gestel het vir die byeenkoms nagestreef nie?-- Dit het.

U as voorsitter van die vergadering het op daardie stadium niemand van Boipatong behalwe Tsotso gevra wat is sy gevoel oor die huurverhogings nie? -- Nee, u maak ŉ fout. Die stelling is dat sedert die aanvang van die vergadering tot op die einde van die vergadering was daar niks gesê deur die gehoor of was daar niks gehoor van die gevoel van die gemeenskap van Boipatong nie. Dit is ŉ fout. Ek sal u sê hoekom ek so sê. U maak ŉ verwarring van die twee punte. Tussen die aanvang van die vergadering tot en met die lees van die voorstelle verwar u dit met die vergadering as geheel as u sê die hele vergadering het nog nie die gevoel uitgespreek nie.

My stelling is juis dat sedert die aanvang van die vergadering tot op die stadium wat u die voorstelle voorgelees het het niemand - geen persoon in die gehoor van Boipatong sy gevoel oor die huurverhogings weergegee nie? -- Tsotso het alreeds gepraat.

Maar behalwe hom, iemand van die gehoor? -- Nee,

niemand/...

niemand nie.

Het u nadat u die drie voorstelle wat u vir die gehoor voorgelees het - gevra of daar enige voorstelle was? -- Nee.

Waarom nie? Was dit dan nie die doel van die vergadering nie? -- Ek het mos nou voorstelle gemaak. Hier is die voorstelle en daar was veranderings aangebring aan die voorstelle waar hulle gevoel het dit moet verander word en ook bygevoeg waar hulle dit nodig gevind het.

Terwyl ons by BEWYSSTUK AT6 is op bladsy 2, wat beteken die inskrywing bo aan die bladsy "Detention of 41 leaders and forced removals all over the country." -- Wat is die vraag daaromtrent?

HOF : Die vraag is bo aan bladsy 2 van AT6 staan "Prayer for detention of 41 leaders and forced removals all over the country." Wat beteken dit? -- As ek so na hierdie ding kyk, net bokant daardie wat U Edele gelees het "Prayer for detention." As dit nie afgesny is nie, was daar nog aantekeninge wat deur my gemaak was. Dit is nie hier op hierdie fotostaat nie. Die inskrywing daar gaan omtrent wat Veronica gelees het aangaande die "Lamentations" van Jeremiah. Ek sal u sê hoekom ek dit onthou want dit was na aanleiding daarvan dat sy melding daarvan gemaak het in dit wat sy na verwys het in die Bybel, dat sy melding gemaak het van die gebed wat gehou moet word vir die leiers wat in aanhouding is, naamlik die 41 leiers asook die vertrek van mense orals in die land wat uitgeoefen word.

Ek dink u moet maar sê gedwonge verskuiwing. -- Gedwonge verskuiwing.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Het sy self die gebed gedoen? -- Nee, sy het net 'n beroep gedoen dat daar gebid moet word vir

hierdie/...

hierdie persone.

HOF : Op die vergadering of by die huise? -- By die huise. Sy het nie gesê dat ons by die vergadering self moet bid nie.

MNR. HANEKOM : Na watter 41 leiers in aanhouding het sy verwys? -- Sy het nie verduidelik watter leiers sy van praat nie.

Maar dit maak mos nie sin nie. Hoe moet die mense weet vir wie hulle moet bid as sy nie sê watter mense in aanhouding is nie. Watter 41 leiers verwys sy nou na? -- Ek getuig oor wat daar gebeur het by hierdie vergadering.

HOF : Was dit dan bekende mense dat u geweet het van wie sy praat? -- Nee. Al wat ek van bewys was was dat daar leiers van die UDF organisasie wat destyds in hegtenis was. Ek het net nie getel hoeveel in getal hulle is nie.

MNR. HANEKOM : Was dit op daardie stadium op 26 Augustus 1984 dat hulle in aanhouding was? -- Praat u nou van die mense waarvan ek praat van UDF wat in hegtenis was?

Dit is reg? -- Ja, dit is so. Ek was daarvan bewus dat daar lede is van die UDF wat in hegtenis is.

Het Veronica nie gesê dit is die UDF leiers wat in aanhouding is nie? -- Nee, sy het nie gesê van watter organisasie die leiers was nie of watter leiers hulle was nie.

Nou hoe sou die gehoor weet na watter leiers sy verwys? -- Wat in my gedagte gekom het is dat as Veronica nou so praat, beteken dit dus dat sy aanvaar het dat dit 'n bekende feit is aan die gehoor aangesien mense koerantberigte gelees het.

Was dit 'n bekende feit in daardie dae dat 41 van UDF se mense in aanhouding was in u gemeenskap? -- As ek reg is het ek ook daarvan bewus geword as gevolg van daarvan

te/...

te lees in die koerante.

Waarom het u nie in u getuienis toe u Veronica Mbongo se toespraak behandel het melding gemaak daarvan dat sy 'n beroep gedoen het op die mense om te bid nie? -- Dit het my ontgaan. Ek onthou nou daarvan nou dat ek dit sien.

HOF : Ek weet nou nie wat die eerste woord is nie. Sal u net vir ons lees wat staan hier heel bo aan bladsy 2 op die oorspronklike? -- Deloza Jeremiah.

En die nommer is daar? Wat is die teksverwysing? -- Chapter 5 vers 1 tot 7.

En waarvoor staan Delo? -- Lamentations.

MNR. HANEKOM : Was die feit dat 41 UDF leiers aangehou was gesien as 'n probleem op daardie stadium vir die inwoners? -- Dit is wat Veronica in die toespraak gesê het.

HOF : Wat het sy gesê?

MR BIZOS : I remember the question. Was it viewed as a problem by the people in Boipatong, the detention.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Was die feit dat die 41 UDF aangehou was gesien as 'n probleem.

MNR. HANEKOM : Ek is jammer ek het u nou verloor. Wat was u antwoord op die vraag? En die kwessie van gedwonge verskuiwings reg oor die land, het sy dit as 'n probleem genoem? -- Sy het 'n beroep gemaak dat daar gebid moet word vir die persone wat in aanhouding is. Tweedens vir die persone wat verskuif word of wat verplig word om verskuif te word vanaf die plekke waar hulle woon.

Die resolusies soos dit uiteindelik aanvaar is op die vergadering, het u dit aangeteken? -- Nee, dit het nou net op dieselfde manier gebly soos dit hier geskryf staan as voorstel.

En/...

En wat was die resolusie presies oor die optog op 3 September 1984? -- Die resolusie was dat die gemeenskap besluit het dat hulle nie werk toe sal gaan op die 3de nie en hulle sal 'n optog hou na Houtkop toe.

Is dit besluit van waar die optog sou vertrek en hoe laat die optog sou vertrek? -- Ek kan nie meer so goed onthou nie, of ek die persoon is wat die voorstel gemaak het dat die optog vanaf die plein moet vertrek en na ek daardie voorstel gemaak het, het die gemeenskap weer 'n voorstel gemaak van die tyd, hoe laat dit moet vertrek, naamlik 08h00.

Is u seker van u feite dat die plek van vertrek en die tyd wel op die vergadering van 26 Augustus op besluit was? -- Dit is so.

Is besluit wat sou gebeur as die optog by Houtkop aankom? -- Daar was nie 'n spesifieke besluit geneem nie, dat dit nou besluit was nie, maar dit was duidelik gewees dat die mense soontoe gaan met die oog daarop om 'n grief daar te gaan bekend maak.

Is dit besluit wie die grief sou oordra by Houtkop? -- Dit is so.

Wie sou dit wees? -- Dit was besluit deur die gemeenskap dat die voorbereidingskomitee wat hierdie vergadering voorberei het, tesame met drie ander persone wat ook op die komitee deur die gemeenskap gekies was, sou hierdie grief oordra met die aankoms te Houtkop.

Ek het u getuienis verstaan dat die resolusies en die besprekings gevoer was voordat die komitee gekies was? Dat die komitee se verkiesing die heel laaste item op die vergadering was? -- Dit is heeltemal reg, dit is so. Dit is

na/...

na die besluite aanvaar was as besluite van hierdie vergadering dat die gemeenskap besluit het dat julle, as ʼn komitee wat uitgewys is, gaan nou die leiers wees van hierdie optog wat dan die grief sal moet oordra te Houtkop.

Is dit besluit op die vergadering hoe die grief oorgedra sou word te Houtkop? -- Nee.

Was dit enigsins bespreek of besluit op die vergadering of daar in hierdie optog nie samewerking moes wees van die ander gebiede nie, van Bophelong en Sebokeng byvoorbeeld? -- Wat is die vraag?

Is dit nie besluit of bespreek op die vergadering dat daar samewerking moet wees met betrekking tot die optog van mense van Bophelong en Sebokeng nie? -- Nee.

Is dit enigsins bespreek watter griewe oorgedra moes word by Houtkop? -- Die verhoging van huur en die beroep dat die raadslede moet bedank. Dit is wat ek verstaan het sal hierdie komitee moet oordra te Houtkop.

Wat was die idee om te vra dat die raadslede moet bedank? Wie moes hulle funksies oorneem as hulle wel sou bedank? Is dit bespreek? -- Die gevoel van die gemeenskap by hierdie vergadering was aangesien hulle nou die beroep doen dat die raadslede moet bedank, dink ek dat die gevoel was dat die Administrasieraad sal oorneem met die voortsetting van die pligte van die Raad.

HOF : Is dit uitgedrukte gevoel of het u maar net gedink dit is die gevoel? -- Nee, dit was na aanleiding van die geskreeu van die gemeenskap wat hulle geskreeu het dat die raadslede moet bedank dat die Munisipaliteit weer in werking gestel word, dat ek aanvaar het dat dit bedoel die vervanging deur die Administrasieraad, aangesien die Administrasieraad

eintlik/...

eintlik die owerhede was wat in beheer gewees het voor die in werking stelling van die raadslede.

Was die versoek dat raadslede moet bedank nie 'n blote voortsetting van die kampanje wat daar was in die Vaal Driehoek teen die Black Local Authorities nie? -- Nee, dit is nie so nie.

U getuienis was dat na die resolusies aangeneem is het Esau gevra om te praat? -- Wie het u so gevra?

U getuienis was dat Esau gevra het om te praat? -- As ek nog reg onthou, in my getuienis het ek gesê na die aanneem van die resolusies het Esau iets te sê gehad.

Het hy gevra om te praat? Wat bedoel u daarmee hy het iets te sê gehad?-- Nee, ek sê dit is hoe ek my getuienis onthou, nie soos u dit nou gestel het nie.

HOF : Is daar 'n wesenlike verskil? -- Ek is bevrees om dit so te aanvaar, want dalk aanvaar ek hierdie manier van praat en later gaan hy dit teen my hou en sê ek het so gesê.

MNR. HANEKOM : Toe Esau nou wel op die been is en praat, in watter verband het hy genoem dat briewe geskryf was aan die busmaatskappye? -- In my getuienis het ek gesê Esau het in sy toespraak gesê dat sy organisasie sal briewe skryf aan hierdie busdiensmense van die Vaal asook die huurmotors se vereniging.

Maar het hy dit gemotiveer? Waarom het hy dit gesê? -- Wat hy gesê het is dat hulle sal 'n brief skryf om die VTC in kennis te stel dat daar op die 3de 'n wegbly-aksie gevoer gaan word, dus moet hulle nie verwag dat die werknemers aanwesig is nie.

HOF : Maar waarom word VTC nou uitgesonder, waarom nie aan elke werkgewer in die Vaal Driehoek so 'n brief skryf nie?

Nee/...

-- Nee, ek sal nie in staat wees om namens Esau hier ŉ antwoord te gee nie, want ek weet nie hoekom hy dit so gestel het nie.

MNR. HANEKOM : Waarom het hy gesê sal daar aan huurmotor-eienaars ŉ brief geskryf word om te vertel van die "stay-away"? -- Ek het die rede verstaan as dieselfde rede wat gegeld het in die vorige geval dat hulle nie moet verwag dat dié se werknemers aanwesig gaan wees by die werk nie.

U was die voorsitter van die vergadering. Het u nie vir Esau gevra om te verduidelik wat hy daarby bedoel nie? -- Nee, omrede ek aanvaar het na hy dit gesê het dat dit ŉ boodskap wat hy self oordra aan die gemeenskap.

Het enige persoon op die vergadering enige vraag gevra na aanleiding van die mededeling van Esau? -- Niemand het enige vraag gevra na aanleiding van daardie mededeling deur Esau nie. Wat wel gebeur het is dat die mense hierdie opmerking gemaak het, dit is goed, maak so. Dit het hulle sommer geskreeu.

Wat het u verstaan? Waarom was die mense bly dat dit gedoen sou word? -- Nee, ek het nie gesê die gemeenskap was bly nie. Ek het gesê die gemeenskap het saamgestem dat hy dit so moet doen.

Sal u saamstem dat die mense wat met huurmotors werk en die busbestuurders is maar ŉ baie, baie klein deeltjie van die werkers in Boipatong? -- Hulle vorm ŉ deel van Lekoa, dit wil sê die Vaal se inwoners.

Die vraag is, dit is maar ŉ klein deel? Dit is maar min mense wat met daardie werk gemoeid is? -- Ek vind dit maar dieselfde. Byvoorbeeld as ŉ mens nou die getal moet bekyk van die mense wat by die hospitale in diens is, vind jy dat die mense maar ŉ gedeelte vorm ook van die

gemeenskap/...

gemeenskap. ŉ Mens kan nou byvoorbeeld onderwysers neem. Hulle vorm ook daardie gedeelte wat in getal die getal is van die onderwysers.

Het dit nie vir u vreemd opgeval dat net die werkgewers van hierdie mense in kennis gestel sou word nie en die groot fabrieke wat baie meer mense in diens het word buite rekening gelaat nie? -- Maar ek het alreeds gesê ŉ mens wat in Boipatong woon, die fabrieke grens omtrent aan die Swartwoonbuurt. So, mense stap sommer soontoe.

Toe die resolusie oor die wegbly-aksie van 3 September(10) aanvaar is, het u dit gesien as ŉ verpligte wegbly-aksie vir al die mense van Boipatong? -- Nee.

Toe Esau hierdie aanmerkings maak, het dit nie by u opgekom dat mense wat wel wou gaan werk en nie deel wou vorm van die "stay-away" nie en wou gebruik maak van bus- en taxi-vervoer sal dit nie kan doen op 3 September nie? -- Nee.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 14 MEI 1987.

**DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989**

### *PUBLISHER:*

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2009**

### *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

### *DOCUMENT DETAILS:*

*Document ID:-* **AK2117-I2-9-217**
*Document Title:-* **Vol 217 p 11456-11S20. Witness: Mokoena**